

Graad R-Wiskunde-  
verbeteringsprogram

# Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3



Afrikaans

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is 'n inisiatief van die **Gauteng Departement van Onderwys** en sy sleutelvennoot, die **Gauteng Education Development Trust**.

Die ontwikkeling en produksie van die opleidings- en klaskamerhulpbronne vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is moontlik gemaak deur ruimskootse projekbefondsing van die **United States Agency for International Development** en die **Zenex-stigting**.

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek word bestuur deur **JET Education Services** met die **Schools Development Unit** aan die **UK** en **Wordworks** as tegniese vennote.

Die **Schools Development Unit (SDU)** aan die **Universiteit van Kaapstad (UK)** is die tegniese vennoot vir wiskunde vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek. Die SDU is 'n eenheid binne die School of Education van die UK wat op die professionele ontwikkeling van onderwysers ten opsigte van Wiskunde, Wetenskap, Geletterdheid/Taal en Lewensvaardighede van Graad R tot Graad 12 fokus. Die SDU bied onderwyskwalifikasies en goedgekeurde kortkursusse van die UK, skoolgebaseerde werk, materiaalontwikkeling en navorsing om onderrig en leer in alle Suid-Afrikaanse kontekste te ondersteun.

Hierdie uitgawe van die wiskundemateriaal het gebaat by die betrokkenheid van kollegas by Wordworks en is verbeter deur dit in ooreenstemming te bring met die materiaal van die Taalverbeteringsprogram. Dit is verryk deur die werk van amptenare van die subdirektorale vir Vroeëkindertwikkeling- en Grondslagfase-kurrikula van die Gauteng Departement van Onderwys op distriks- en provinsiale vlak, wat waardevolle bydraes gelewer het tot die inhoud van die materiaal en konstruktief meegewerk het om te verseker dat dit in ooreenstemming is met provinsiale beleid, praktyke en waardes.

## ERKENNINGS

Spesiale dank aan:

- ★ Die amptenare van die Direkoraat: Kurrikulum, Direkoraat: Onderwyseropleiding en Direkoraat: Spesiale Onderwys van die Gauteng Departement van Onderwys vir hul bydrae tot die aanpassing van ons materiaal.
- ★ Kollegas van Wordworks, tegniese vennoot vir taal vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek, vir samewerking aan die materiaalontwikkeling.
- ★ Amptenare en onderwysers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) vir hul bydrae tot die suksesvolle implementering van die Grade R Mathematics Programme (*R-Maths*) in die Wes-Kaap tussen 2016 en 2019.
- ★ Die *R-Maths*-skryfspan: SDU-personeel en -konsultante, en amptenare van die WKOD.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is aangepas uit *R-Maths*, eerste uitgawe in 2017 deur die Schools Development Unit, Universiteit van Kaapstad. Kopiereg van *R-Maths* berus by die Universiteit van Kaapstad.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0 International Licence [Attribution-Non-Commercial-ShareAlike].



Hierdie lisensie laat hergebruikers toe om die materiaal in enige medium of formaat vir nie-kommersiële doeleindes alleenlik te versprei, te vermeng, aan te pas en uit te brei, en dan slegs indien erkenning aan die skepper daarvan gegee word. Indien die materiaal vermeng, aangepas of uitgebrei word, moet die gewysigde materiaal ingevolge identiese voorwaardes gelisensieer word.

Om die volledige voorwaardes vir hierdie lisensie te besigtig, gaan na: <https://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/4.0/>

Programkonseptualisering en -bestuur: Cally Kuhne en Tholisa Matheza

Vertaling- en publikasieprojekbestuur: Arabella Koopman

Vertalingskoördineerder (Afrikaans): Ilse von Zeuner

Vertaling: Anita van Zyl

Redigering en proeflees van Afrikaanse uitgawe: Ilse von Zeuner, Language Mechanics

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Geset deur: Jenny Wheeldon

Ontwerp: Magenta Media

Omslagontwerp: Jacqui Botha

# Inhoud

<b>Inleiding</b> .....	<b>4</b>
<b>Inhoudsoorsig: Kwartaal 3</b> .....	<b>10</b>
<b>Week 1</b> .....	<b>12</b>
Fokus van Inhoudsarea: Patrone, Funksies en Algebra	
<b>Week 2</b> .....	<b>20</b>
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
<b>Week 3</b> .....	<b>28</b>
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
<b>Week 4</b> .....	<b>36</b>
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
<b>Week 5</b> .....	<b>44</b>
Fokus van Inhoudsarea: Meting	
<b>Week 6</b> .....	<b>52</b>
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
<b>Week 7</b> .....	<b>61</b>
Fokus van Inhoudsarea: Datahantering	
<b>Week 8</b> .....	<b>69</b>
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
<b>Week 9</b> .....	<b>77</b>
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
<b>Week 10</b> .....	<b>85</b>
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
<b>Assessering</b> .....	<b>94</b>
<b>Hulpbronne</b> .....	<b>96</b>
Liedjies, rympies en stories .....	96
Patroontemplate .....	101

# Inleiding

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram (*Grade R Maths*) is gebaseer op 'n goeie kennis van wiskunde, 'n begrip van die vordering in die Graad R-kurrikulum, en 'n besef dat sommige onderrigbenaderings meer geskik is om spesifieke leeruitkomste te bevorder.

Die *Grade R Maths Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3* bied 'n struktuur vir die onderrig van wiskunde in die derde kwartaal van Graad R deur:

- die inhoud van elke Wiskunde-inhoudsarea oor tien weke in volgorde te plaas
- vordering en werkspoed wat binne die vyf inhoudsareas gehandhaaf moet word, te verskaf
- op een hoofinhoudsarea per week te fokus (Onderwerpe uit ander inhoudsareas kan egter gedurende daardie week bekendgestel en geoefen word. Getalverwante leer en onderrig vind elke dag plaas, en word in al die inhoudsareas geïntegreer.)
- aktiwiteite vir die hele klas, onderwyser-gerigte aktiwiteite en onafhanklike groepwerk voor te stel.

## Kenmerke van Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3

Die volgende kenmerke vorm deel van *Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3*:

- 'n Oorsig van die inhoud dui die nuwe kennis en die oefenfokus per week aan.
- Die fokus vir die kwartaal, week en inhoudsarea word duidelik aan die begin van elke week uiteengesit.
- Die kassies vir Onderwerpe, Nuwe kennis en Oefen wys wat in die week behandel sal word.
- Nuwe wiskunde-woordeskat vir die week word per week voorsien.

Onderwerpe	Nuwe kennis	Oefen
<ul style="list-style-type: none"><li>• Herken en identifiseer getalsimbole en getalname</li><li>• Beskryf, vergelyk en orden getalle</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Getal 7</li><li>• Mondelinge tel: tel terug van 10–1</li><li>• Tel voorwerpe van 1–10</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 7–1</li><li>• Plaas getalle van 1–6 in volgorde</li><li>• Twee/drie meer/minder</li><li>• Voeg by, vat weg</li><li>• Vaslegging van getalkonsep 1–6</li></ul>
<b>Nuwe wiskunde-woordeskat</b>		
sewe	net soveel soos	verskil tussen

- Daar is 'n lys van wat jy elke week moet voorberei.
- Wenk-kassies gee idees en herinner jou aan sekere aspekte.
- Integrasie-kassies stel voor hoe wiskunde in ander vakke en in alledaagse aktiwiteite gedurende die dagprogram vir Graad R vasgelê kan word.
- Die kassies waar die onderwyser kan vasstel wat die leerders weet of kan doen, rig waarneming en deurlopende assessering.
- 'n Bladsy met deurlopende assessering is gegrond op die kwartaal se aktiwiteite.
- Hulpbronne en patroontemplate word agter in die gids verskaf.

## Grade R Maths in die dagprogram

Roetine is belangrik en leerders geniet die herhaling en voel veilig wanneer hulle weet wat voorlê en wat van hulle verwag word.

Bepanning is ook belangrik om te verseker dat die roetine glad verloop. Lees alles vir die week en berei vooraf al die materiaal voor wat jy vir elke dag nodig sal hê. Pak die materiaal vir die dag die vorige dag uit sodat alles in die oggend gereed is.

*Grade R Maths* stel 'n volgorde van aktiwiteite voor wat daaglik in 'n vyfdagweek herhaal word. Organisering van die klaskamer en aktiwiteite wat gebruik kan word om wiskunde-konsepte te onderrig en vas te lê, word per week gegee. Dit behels die volgende:

## Aktiwiteite vir die hele klas per dag

- Rympie of liedjie
- Mondelinge tel
- Tel van konkrete voorwerpe
- Aktiwiteite en vrae wat verband hou met onderwerpe in die inhoudsarea

Aan die einde van die aktiwiteit vir die hele klas, moet die onderwyser vir die leerders wys wat hulle by elke werkstasie moet doen. Al die materiaal wat hulle benodig, behoort gereed te wees sodat hulle met die aktiwiteite kan begin.



## Oorgange: beweging tussen aktiwiteite

Wanneer leerders tussen die mat en die werkstasies beweeg, is dit 'n goeie geleentheid om ritmiese tel en prettige, kreatiewe maniere om te beweeg te oefen, byvoorbeeld, stadig soos skilpaaie, hop soos hasies, stil soos muisies, een-een met hul naam-/prentsimboolkaarte.

## Kleingroepaktiwiteite

- Daar is een onderwyser-gerigte aktiwiteit per dag.
- Daar is vier kleingroepaktiwiteite per dag. Hierdie vier onafhanklike aktiwiteite (of selfstandige aktiwiteite) behoort by vier **werkstasies** in die klaskamer opgestel te word – of by die tafels waar leerders sit of staan, of op die mat, of buite. Die groepe roteer in die loop van 'n week na elke **werkstasie**, afhangend van hoe die onderwyser die aktiwiteite beplan het. Herinner leerders om beurte te maak, materiaal te deel en mekaar te help terwyl hulle werk.


## Opruimtyd

Leerders moet weet waar die materiaal en toerusting gebêre word. 'n Rak of tafel wat slegs vir wiskunde-toerusting is, sal leerders help om georganiseerd te wees. Moedig leerders aan om mekaar tydens opruimtyd te help. Aanvanklik sal leerders hulp nodig hê en jy sal hulle moet herinner waar om dinge te bêre, maar hulle sal gou 'n roetine leer om dinge te bêre waar dit hoort. Kies elke week groepleiers en helpers om op te ruim. Gee vir hulle spesifieke take en verantwoordelikhede.

## Vryekeuse-aktiwiteite

Stel kreatiewe, interessante aktiwiteite beskikbaar waaruit leerders kan kies sodra hulle die aktiwiteit by hul werkstasie voltooi het. Dit kan insluit:

- blokkies of ander konstruksie-speelgoed
- legkaarte
- speeldeeg
- boeke in die leeshoekie
- fantasiespel, byvoorbeeld, winkel-winkel
- bladsye uit werkboeke, of werkblaaië.




## Assessing

Waarneming en deurlopende assessering tydens onderwyser-gerigte aktiwiteite en aktiwiteite vir die hele klas bied geleenthede vir insig in, en 'n goeie oorsig van, elke leerder se vordering. Hierdie inligting is belangrik om verdere onderrig en intervensies vir individuele leerders te rig. Die kontrolelys vir deurlopende assessering op bladsye 94–95 van hierdie gids is gegrond op die inhoud wat in Kwartaal 3 onderrig word. Hierdie templaot kan gebruik word om elke leerder se vordering gedurende die kwartaal aan te teken.

## Grade R Maths in die klaskamer

Stel 'n area in die klaskamer op wat net vir wiskunde is, en wat naby die mat is. Dit is 'n gedeelde ruimte waar leerders kan bydra tot, en deelneem aan, die onderwerp waarvan hulle leer. 'n Ideale wiskunde-area sal die volgende insluit:

- klein tafeltjie teen die muur
- getallelyn wat met tou en pennetjies gemaak is
- daaglikse weerkaart
- kalender vir elke maand met blokkies vir elke dag
- kaart met die name van die dae van die week
- dagprogram met prente vir die verskillende aktiwiteite
- leerders se naamkaarte en simbole gerangskik volgens hul groepname
- helper-simbole wat vir leerders gegee word volgens die dag van die week
- helperskaart.



Maak saam met die leerders 'n plakkaat met "klaskamerreëls". Stal dit uit waar hulle dit maklik kan sien. Daar behoort nie meer as ses of sewe reëls te wees nie.

## Ons klaskamerreëls




## Hulpbronne vir *Grade R Maths*

### **Grade R Maths Hulpbronnstel**

*Grade R Maths* verskaf 'n hulpbronnstel vir die onderrig en leer van wiskunde wat apparaat vir 'n klein groepie van ses tot agt leerders bevat. Die hulpbronnstel sluit die volgende items in:

- telmateriaal, byvoorbeeld gekleurde skywe en stokkies, vrugte- en dieretellers, Unifix-blokkies
- ekstragroot dobbelstene
- stringe met tien struktuurkrale
- kolkaarte
- getalkaarte: getalsimbole (0–10) en getalname (nul–tien)
- attribuutblokke.



Dit behoort nie die enigste hulpbronne te wees wat onderwysers en leerders tydens wiskunde-aktiwiteite gebruik nie. Alledaagse voorwerpe van die huis af is ideaal om te sorteer, te tel en om vorms te verken.

## Herwinbare materiaal

Bêre herwinbare materiaal in houers met deksels wat duidelik gemerk is (soos: vrugte- en groenteverpakkings, 2 liter-roomyshouers en 500 ml-fetakaashouers). Bêre die houers op 'n rak of iewers waar leerders dit kan bykom. Moedig leerders aan om die voorwerpe weg te pak wanneer dit opruimtyd is indien hulle dit by hul werkstasies of vir vryekeuse-aktiwiteite gebruik het. Hier volg 'n paar idees vir wiskunde-hulpbronne:

- bottelproppies en deksels (verskillende vorms, groottes en kleure)
- bokse van verskillende groottes (tandepasta-, graankos-, koekie-, jellie-, verpakkingsbokse)
- plastiekhouers (500 ml- en 1 liter-bottels, margarienhouders, 250 ml- en 500 ml-jogurthouers, roomysbakke, groenteverpakkings)
- buise en silinders (kartontoiletrolle, kartonhanddoekrolle, karton-tinfoelierolle, blikke)
- eierboksies
- knope, ou sleutels, plastieklepels, roomysstokkies, broodsakkie-knypers
- verskeidenheid balle, boontjiesakke, hoelahoepels.



## Ander hulpbronne

Ander nuttige hulpbronne vir die onderrig van *Grade R Maths* sluit in:

- kryte, verf, gom, skêre
- speeldeeg of modelleerlei
- boeke wat vir wiskunde-besprekings gebruik kan word
- boublokke en konstruksie-speelgoed (versamel stukkie afvalhout, indien nodig)
- 'n verskeidenheid legkaarte en speletjies, byvoorbeeld domino's, slangetjies en leertjies, Ludo, Lotto




- lengtekaart
- groot speelkaarte
- speelgeld: munte en note (om in 'n speel-speel-winkel te gebruik)
- groot muurhorlosie met wysers
- balanseerskaal
- krale om te sorteer, in te ryg en patrone mee te vorm
- apparaat om in sand en water mee te speel
- apparaat vir klim, balanseer, swaai en spring.

## Die *Grade R Maths* Plakkaatboek

Daar is elf plakkate in die *Grade R Maths Plakkaatboek*. Die plakkate beeld bekende kontekste uit waarby leerders aanklank vind en wat een of ander aspek van wiskunde vasvang, byvoorbeeld, in die klaskamer, op die speelgrond en in die kombuis. Die plakkate is bedoel om belangstelling te wek in, en bespreking te stimuleer van, wiskunde-onderwerpe, wat insluit: getal, patrone, ruimte en vorm, volgorde van tyd, en meting. Die plakkate kan gebruik word om leerders se kritiese denke en redeneervermoë te oefen. Dit is perfek vir die ontwikkeling van probleemoplossingsvaardighede en vir wiskunde-ondersoeke.

Onderwysers kan leerders aanmoedig om die plakkate te bespreek en hul idees te deel deur vrae te stel om hulle te lei om op 'n spesifieke aspek van die plakkaat te fokus, byvoorbeeld:

- Wat sien julle in die prent?
- Waar dink julle is die kinders/mense?
- Wat gebeur in die prent?
- Kan julle vir my 'n storie oor die prent vertel?
- Hoeveel ... kan julle sien? Wat as daar een meer/minder ... is?
- Waar is die ...?
- Wat sal gebeur as ...?
- Wat dink julle gaan volgende gebeur?
- Wat dink julle kan ... sien van waar hulle staan?
- Watter patroon kan julle sien? Beskryf die patroon.
- Watter vorms kan julle sien?
- Watter ... is die langste/kortste?
- Kan julle enige wiskunde-woorde gebruik om iets in die prent te beskryf?



# Inhoudsoorsig: Kwartaal 3

LET WEL: Fokus van Inhoudsarea en Nuwe kennis is in groen. Ander inhoud wat in die week gedek word, is in grys.

Fokus van Inhoudsarea	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5
<b>1. Getalle, Bewerkings en Verwantskappe</b>	Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 7–1 Tel voorwerpe van 1–7	<b>Getal 6</b> <b>Twee/drie meer/minder</b> <b>Gelyke groepe</b> Tel aan Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 7–1 Tel voorwerpe van 1–7 Plaas getalle van 1–5 in volgorde Vaslegging van getalkonsep 1–5	<b>Getal 7</b> <b>Mondelinge tel: tel terug van 10–1</b> Tel voorwerpe van 1–10 Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 7–1 Plaas getalle van 1–6 in volgorde Twee/drie meer/minder Voeg by, vat weg Vaslegging van getalkonsep 1–6	Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 10–1 Vaslegging van getalkonsep 1–7	Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 10–1 Tel voorwerpe van 1–10 Twee/drie meer/minder Gelyke groepe
<b>2. Patrone, Funksies en Algebra</b>	Kopieer vertikale en horisontale patrone deur konkrete voorwerpe te gebruik Skep en verduidelik eie patroon met drie of vier kleure/vorms, ensovoorts Identifiseer patrone Kopieer en brei patrone uit				
<b>3. Ruimte en Vorm (Meetkunde)</b>				Vorms: reghoek Rigting: links, regs Posisie: middel, onder Sorteer voorwerpe volgens twee kenmerke Legkaarte met agtien stukke Vorms: sirkel, vierkant, driehoek Simmetrie	
<b>4. Meting</b>					Massa Lig, ligter, ligste Swaar, swaarder, swaarste Groter, kleiner
<b>5. Datahantering</b>					

Fokus van Inhoudsarea	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10
1. Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	<p>Getal 8</p> <p>Ordinale getalle: vyfde, laaste en volgende</p> <p>Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder</p> <p>Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 10–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 1–7 in volgorde</p> <p>Ordinale getalle eerste tot vyfde</p> <p>Voeg by/vat weg</p> <p>Twee/drie meer/minder</p> <p>Vaslegging van getalkonsep 1–7</p>	<p>Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Twee/drie meer/minder</p> <p>Meer, minder, gelyk aan</p>	<p>Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p>	<p>Geld – herken banknote</p> <p>Probleemoplossing met getalle van 1–8</p> <p>Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 1–8 in volgorde</p> <p>Ordinale getalle eerste tot vyfde</p> <p>Vaslegging van getalle 1–8</p> <p>Voeg by, vat weg</p> <p>Munte</p>	<p>Groepering, half/helfte</p> <p>Tot drie meer (gebruik kolkaarte)</p> <p>Orden versamelings van kleinste tot grootste</p> <p>Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 1–8 in volgorde</p> <p>Probleemoplossing met getalle van 1–8</p> <p>Vaslegging van getalkonsep 1–8</p> <p>Meer, minder, meeste, minste, gelyk</p> <p>Twee/drie meer/minder</p>
2. Patrone, Funksies en Algebra					
3. Ruimte en Vorm (Meetkunde)			<p>Posisie van voorwerpe in verhouding tot mekaar</p> <p>Pylkaart</p> <p>Kopieer en bou 'n konstruksie (prentkaarte)</p> <p>Vorms: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek</p> <p>Bokse, balle</p> <p>Middellynkruising</p> <p>Posisie: vorentoe en agtertoe</p>		
4. Meting				Groot, klein	
5. Datahantering		<p>Teken 'n prent om data voor te stel</p> <p>Versamel, sorteer en stel versamelings voorwerpe voor</p>			

# Fokus van Inhoudsarea: Patrone, Funksies en Algebra

## Onderwerpe

- Meetkundige patrone: skep, kopieer en brei patrone uit

## Nuwe kennis

- Kopieer vertikale en horisontale patrone deur konkrete voorwerpe te gebruik
- Skep en verduidelik eie patroon met drie of vier kleure/vorms, ensovoorts

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 7–1
- Tel voorwerpe van 1–7
- Identifiseer patrone
- Kopieer en brei patrone uit

## Nuwe wiskunde-woordeskat

beskryf  
verduidelik

brei uit  
volg

ontbreek  
nie 'n patroon nie

## Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- Unifix-blokkies in 'n herhalende patroon op mekaar gestapel om 'n trein te vorm
- 'n vel A3-papier om 'n treintonnel te maak
- patroonkaart met gekleurde kolle
- 'n lappie/handdoek
- 4 groepe instrumente – 1 per leerder
- 6 groot stukke vrugte wat uit speeldeeg gemaak is (2 elk van 3 soorte vrugte)
- 8 Unifix-patroonkaarte
- 8 "Wat ontbreek?"-attribuutblok-patroonkaarte
- reghoekige gekleurde papierstroke wat in 'n patroon op 'n vel papier vasgeplak is: reghoekige vorms in twee groottes – 5 lank en 5 kort per leerder
- patroonkaarte met onvolledige kleurpatrone in elke ry (twee of drie kleure)
- blomblare en blare van papier (16 van elk per leerder)
- blom-patroonkaarte
- domino's.



# Aktiwiteite vir die hele klas

## Dag 1

### Wat jy nodig het

- Unifix-blokkies
- Unifix-patroontrein
- 'n Vel A3-papier om 'n treintonnel te maak



Vra die leerders of hulle kan onthou tot by watter getal hulle getel het voor hulle met vakansie gegaan het, en van watter getal af hulle terug getel het.

1. **Liedjie:** Leerders sing 'n liedjie van hul keuse uit die vorige kwartale.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Wys vir leerders 'n Unifix-toring wat uit sewe blokkies gebou is.

#### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel blokkies dink julle het ek gebruik om hierdie toring te bou? Leerders skat die aantal blokkies. Verwyder die blokkies een vir een terwyl die leerders dit tel.

4. **Wat maak 'n patroon:** Plaas die Unifix-patroontrein binne-in die tonnel. Trek die trein stadig uit en vra die leerders om op te let watter patroon gevorm word.

#### Leidende vrae:

- ★ Wat sien julle?
- ★ Watter kleur blokkie dink julle sal volgende uit die tonnel kom? Waarom?
- ★ Is dit 'n patroon? Wat maak dit 'n patroon?

Vestig die leerders se aandag op die herhalende deel wat dit 'n patroon maak.

Maak nog 'n trein met Unifix-blokkies wat nie 'n patroon het nie. Herhaal die aktiwiteit met die trein en die tonnel.

#### Leidende vrae:

- ★ Is dit 'n patroon? Sê vir my waarom julle so dink.
- ★ Kan julle enige patrone in die klaskamer sien?



**WENK** Plaas die tonnel in die blok-area en moedig die leerders aan om hul eie patroontreine te maak.

Leerders gaan op 'n patroon-uitstappie buite en bespreek patrone.

- ★ Kan julle 'n patroon sien? Vertel my daarvan.
- ★ Is daar 'n patroon op die ...?
- ★ Wat maak dit 'n patroon?
- ★ Watter deel van die patroon word herhaal?
- ★ Kan julle enige patrone hoor? Vertel vir my wat julle hoor.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 2

## Wat jy nodig het

- Rympie: *Dis patroontyd* (bladsy 96)
- Patroonkaart met gekleurde kolle

 **WENK**

Onthou om oor die dagprogram te gesels. Onthou om elke dag die kalender, dae van die week, maande van die jaar en verjaarsdagkaart te doen.

1. **Rympie:** Sê die eerste vers van die rympie, *Dis patroontyd*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders tel van 1 tot 7 terwyl hulle saam met 'n maat hande klap.
4. **Klankpatrone uit visuele patrone:** Wys vir die leerders die patroonkaart. Wys na elke kol en sê saam die kleure. Bespreek die patroon.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan julle die patroon sien?
- ★ Vertel vir my van die patroon.
- ★ Watter deel van die patroon word herhaal?
- ★ Wat sal volgende kom in die patroon?

Leerders gebruik die visuele patroon om 'n klankpatroon te maak, byvoorbeeld, klap hande vir rooi, klap vingers vir geel.

- ★ Watter klank moet ons op die rooi/geel sirkel maak?
- ★ Watter klank moet volgende kom?
- ★ Watter ander klanke wil julle graag maak?

Leerders stel ander idees vir klankpatrone voor deur dieselfde patroonkaart te gebruik.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 3

## Wat jy nodig het

- Rympie: *Dis patroontyd* (bladsy 96)
- 6 groot vrugte uit speeldeeg
- Lappie/handdoek

1. **Rympie:** Sê die eerste en tweede versies van die rympie, *Dis patroontyd*, met aksies op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Trek met bordkryt 'n reguit lyn op die vloer. Vyf leerders staan aan een kant van die lyn.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel leerders is daar?
- ★ As ons nog een leerder byvoeg, hoeveel sal daar wees?
- ★ En nog een leerder?
- ★ Wat moet ons doen as ons net vier leerders wil hê?



4. **Identifiseer die ontbrekende deel van 'n patroon:** Gebruik die speeldeeg-vrugte om 'n patroon te skep. Wys saam na elke voorwerp en sê die patroon.

**Leidende vrae:**

- ★ Wat kom volgende?
- ★ Wat is die patroon?

Bedek die vrugte met 'n lappie en verwyder een vrug. Verwyder die lappie.

- ★ Watter vrug is weg/ontbreek in die patroon?
  - ★ Watter soort vrug behoort volgende in die patroon te kom? Waarom?
- Herhaal die aktiviteit verskeie kere en verwyder vrugte uit verskillende dele van die patroon en/of verwyder elke keer meer vrugte.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 4

### Wat jy nodig het

- Rympie: *Dis patroontyd* (bladsy 96)
- 4 groepe instrumente – 1 per leerder

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Dis patroontyd*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders gaan haal instrumente. Al die leerders met dieselfde soort instrument sit in 'n groep. Slaan sewe maatslae op 'n trom.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel maatslae het julle gehoor?
- ★ Hoe weet julle dit?

Begin met 1, en dan slaan elke groep een maatslag meer as die vorige groep tot een groep tot by 7 kom.



4. **Ritme-patrone:** Verdeel leerders in groepe. Gee vir elke groep 'n ander musiekinstrument. Die groepe maak klanke met hul instrumente en beskryf hierdie klanke. Hulle vergelyk dan die klanke wat die verskillende instrumente maak.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoe klink julle instrument?
- ★ Kan julle 'n sagte/harde klank; 'n vinnige/stadige klank maak?
- ★ Hoe klink die instrumente dieselfde/verskillend?

### WENK

As jy nie instrumente het nie, gebruik blokkies, blikkies, stokkies en velle papier wat leerders kan skud, of hulle kan hul liggame gebruik, byvoorbeeld, hul voete op die vloer stamp of op hul bene klap.

Maak 'n musikale patroon met 'n instrument, byvoorbeeld, hard, sag, sag, hard, sag, sag. Groepe speel saam met jou. Groepe maak beurte om klankpatrone te kopieer en uit te brei. Groepe skep nuwe patrone, byvoorbeeld, hard, hard, sag, hard, hard, sag.

- ★ Watter nuwe patroon kan ons maak?
- ★ Watter klank behoort eerste te kom?
- ★ Hoeveel keer moet ons daardie klank maak?
- ★ Hoe moet ons verder gaan?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 5

### Wat jy nodig het

- Rympie: *Dis patroontyd* (bladsy 96)
- Musiekinstrument

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Dis patroontyd*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Speel 'n instrument terwyl leerders rondbeweeg. Wanneer die musiek ophou, roep 'n getal tussen 1 en 7 uit. Leerders vorm groepe van verskillende groottes volgens die getal.
4. **Brei fisiese patrone uit:** Kies ses leerders om 'n liggaamspatroon te maak, byvoorbeeld, twee sit, een staan, twee sit, een staan. Bespreek die patroon.

#### Leidende vrae:

- ★ Is dit 'n patroon?
- ★ Kan julle die patroon beskryf?
- ★ Wat is die herhalende deel van die patroon?
- ★ Hoe kan ons die patroon uitbrei?

Leerders gaan voort met die patroon deur te staan of te sit.

- ★ Wat sal volgende kom?
- ★ Kan enigiemand anders in die ry kom staan? Wat sal daardie leerder doen?

Herhaal die aktiwiteit deur ander liggaamsposisies te gebruik, byvoorbeeld, kniel of lê plat.

Kies agt leerders om hulle in hul eie patroon te rangskik.

- ★ Hoe het julle besluit watter patroon om te maak?
- ★ Watter patroon het julle gemaak? Hoe weet julle dit is 'n patroon?
- ★ Hoe kan ons hierdie patroon uitbrei?


Ander leerders sluit by hulle aan en brei die patroon uit.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

### WENK

Sorg dat daar bewegings is waaraan al die leerders kan deelneem, met inbegrip van leerders met motoriese gebreke.





## Integrasie

**Huistaal:** Ontluikende Skryf: Teken patrone.

**Lewensvaardighede:** Fynmotoriese ontwikkeling: Identifiseer, kopieer en brei patrone in die omgewing uit. Grootmotoriese ontwikkeling: Verf 'n klippie-hink-baan (Hasië-baan) buite of teken een met bordkryt. Leerders spring in die blokke van die baan en volg die getalvolgorde. Hulle land met twee voete in een blok of met voete in afsonderlike blokke, na gelang van die getal blokke in elke ry van die baan.

## Kleingroepaktiwiteite

### Onderwyser-gerigte aktiwiteit

#### Wat jy nodig het

- 6 alledaagse voorwerpe
- 'n Skinkbord
- 'n Houer vir elke leerder met:
  - Struktuurkrale (*Hulpbronsel*)
  - “Wat ontbreek?”-patroonkaart
  - Unifix-patroonkaart
  - Unifix-blokkies
  - 10 attribuutblokke

1. **Strukturkrale:** Vra leerders om vir jou 'n getal krale tussen 1 en 7 te wys. Leerders pak dieselfde getal krale in verskillende rangskikkings.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel rooi/geel krale is daar?
- ★ Kan julle vir my sewe krale wys?
- ★ Wys vir my vier krale. Wat het julle gedoen om vier te maak?
- ★ Wat moet ons doen om ses krale te hê?

2. **Wat ontbreek? (Kim se speletjie):** Plaas vyf voorwerpe, een op 'n slag, op 'n skinkbord terwyl leerders toekyk.

**Leidende vrae:**

- ★ Wat het ek eerste op die skinkbord gepak?
- ★ Wat het ek volgende op die skinkbord gepak?
- ★ Wat het ek laaste op die skinkbord gepak?

Leerders moet nou mooi na die skinkbord kyk en probeer onthou watter voorwerpe daarop is. Maak die skinkbord met 'n lap toe en verwyder dan een voorwerp. Lig die lap op. Leerders sê watter voorwerp weg is. Herhaal, en verwyder elke keer een voorwerp op 'n slag.

3. **Wat ontbreek?-patroon:** Leerders haal 'n “Wat ontbreek?”-patroonkaart uit hul houers. Hulle sê watter deel van die patroon ontbreek en rangskik hul attribuutblokke om die patroon te kopieer, en die ontbrekende deel in te vul.

**Leidende vrae:**

- ★ Wat kom eerste/volgende/laaste?
- ★ Wat ontbreek?



4. **Kopieer en brei eie patroon uit:** Leerders gebruik hul Unifix-blokkies om 'n patroon op die Unifix-patroonkaart te kopieer en uit te brei (vertikaal en horisontaal).

**Leidende vrae:**

- ★ Wat kom voor/na/volgende?
- ★ Kan julle die patroon klaarmaak?
- ★ Watter deel van die patroon word herhaal?



5. **Skep eie patroon:** Leerders skep 'n patroon met attribuutblokke en verduidelik hul patroon. Byvoorbeeld:

- ★ Een kenmerk (attribuut): vorm: sirkel, vierkant, driehoek.
- ★ Twee kenmerke (attribute): kleur en vorm: rooi sirkel, geel vierkant, groen driehoek.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan julle jul patroon beskryf?
- ★ Wat maak dit 'n patroon?
- ★ Hoe kan julle met jul patroon voortgaan?

Maak 'n reeks attribuutblokke wat nie 'n patroon vorm nie.

- ★ Is dit 'n patroon? Sê vir my hoekom nie.

**WENK**

Indien 'n patroon met twee kenmerke te moeilik vir leerders is, kan hulle 'n patroon met een kenmerk maak.



**Maak seker leerders kan:**

- getalle tussen 1 en 7 afbreek en opbou
- hul eie patroon met drie kleure en vorms skep en verduidelik
- 'n herhalende patroon uitbrei
- verduidelik of iets 'n patroon is of nie
- die deel van die patroon wat herhaal word, wys

**Werkstasie 1**

**Wat jy nodig het**

- "Lang" en "kort" gekleurde papierstrokke wat in 'n patroon op 'n lang vel papier geplak is
- Lang velle papier – 1 per leerder
- Reghoekige vorms wat in twee groottes geknip is: "lank" en "kort"
- Gom

Leerders plak strokke papier om die patroon te kopieer en dan uit te brei.



## Werkstasie 2

### Wat jy nodig het

- Patroonkaarte met onvolledige kleurpatrone in elke ry
- Verf, verfwaste
- Papier

Leerders gebruik verf om die patrone op die kaarte te kopieer en uit te brei. Hulle skep hul eie patrone.



## Werkstasie 3

### Wat jy nodig het

- Blom-patroonkaarte
- Kryte
- Uitknipprente van blomblare en blare (16 van elk per leerder)
- Gom, verfwaste
- 'n Strook papier per leerder



Leerders plak die blomblare en blare op papier om die patroon te kopieer en uit te brei. Hulle gebruik kryte om hul bladsy te versier.

## Werkstasie 4

### Wat jy nodig het

- 'n Stel domino's

Leerders pas die domino's met dieselfde getal kolle bymekaar.



# Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

## Onderwerpe

- Herken en identifiseer getalsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle

## Nuwe kennis

- Getal 6
- Twee/drie meer/minder
- Gelyke groepe
- Tel aan

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 7–1
- Tel voorwerpe van 1–7
- Plaas getalle van 1–5 in volgorde
- Vaslegging van getalkonsep 1–5

## Nuwe wiskunde-woordekat

ses  
twee meer


drie minder  
genoeg

dieselfde hoeveelheid/ewe veel  
voeg by/tel by

## Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 6 (bladsy 101)
- 5 kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 6
- 7 groot klippe
- 7 groot eende van speeldeeg/plastiek/karton
- getalsimboolkaart vir die getal 6 (getallelyn)
- 7 groot kartonuitknipprente van 'n slak
- 'n groot dobbelsteen wat uit 'n kartonboks gemaak word
- speeldeeg-patroontemplant: Getal 6 (bladsy 104) – 1 per leerder
- speeldeeg
- blanko vel A4-papier in 'n plastiekomhulsel – 1 per leerder
- 'n houer met Unifix-blokkies per paar leerders in 'n groep
- bypassende getal- en prentkaarte vir getalle 1–6 – 1 per leerder.



# Aktiwiteite vir die hele klas

## Dag 1

### Wat jy nodig het

- Rympie: *Dis patroontyd* (bladsy 96)
- Getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 6 (bladsy 101)
- *Getal 6-storie* (bladsy 96)

### WENK

Oefen liedjies en rympies wat in vorige weke geleer is oral in die dagprogram, byvoorbeeld, tydens toiletroetines.

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Dis patroontyd*, uit Week 1 op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Vra 'n leerder om 'n paar keer soos 'n eend "vlerke te klap".

#### Leidende vrae:


- ★ Was dit meer of minder as sewe keer?
- ★ Hoe weet julle dit?
- ★ Kan julle almal sewe keer "vlerke klap"?

4. **Stel die getal 6 bekend:** Wys na die getalfries vir 1–5.

#### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel diere dink julle sal in die volgende huis woon?
- ★ Sal daar meer of minder as vyf wees?

Vertel die *Getal 6-storie*. Die diere se huis is die fokus van die storie. Wys die dele van die getalfries terwyl jy die storie van die diere en beelde van die huis opbou: die verskillende voorstellings van die getal 6, byvoorbeeld, die prent, die kolle, die simbool en die woord. Stal die dele van die fries in die dierehuis teen die muur in die wiskunde-area uit. Tel saam die eende.



#### Leidende vrae:

- ★ Wie het al 'n eend gesien? Waar?
  - ★ Watter geluid maak 'n eend?
  - ★ Kan julle ses keer kwaak? Kan julle waggel terwyl julle kwaak?
  - ★ Hoeveel meer eende is daar as apies?
  - ★ Hoeveel minder kameelperde is daar as apies?
  - ★ As elke eend uit 'n eier gebroei het, hoeveel eiers sou daar gewees het?
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 2

## Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ses klein eendjies* (bladsy 96)
- 5 kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 6
- Prentkaarte, getalsimbool- en kolkaarte vir getalle van 1–6 (*Hulpbronstel*)

1. **Liedjie:** Stel die liedjie, *Ses klein eendjies*, bekend.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Kies twee leerders om beurt te maak om minder as ses keer “vlerke te klap” terwyl die ander leerders hande klap. Vergelyk die aantal vlerkklappe. Stel dieselfde vrae as op Dag 1. Al die leerders klap vlerke en tel terwyl jy van 1 tot 7 klap.
4. **Kolkaart 1–6-speletjie:** Wys prentkaarte, kolkaarte en getalsimboolkaarte vir getalle van 1–6. Leerders verdeel hulself in groepe volgens die kaart wat jy wys.
5. **Wiskundetafel:** Groepe van ses leerders versamel ses soortgelyke klein voorwerpe buite, byvoorbeeld, takkies of blare. Leerders kom sit weer in hul groepe op die mat. Elke groep sê watter voorwerpe en hoeveel voorwerpe hulle gevind het. Bespreek die ooreenkomste en verskille tussen hul versamelings. Gee vir elke groep ’n kolkaart, getalsimbool- of getalnaamkaart met die getal 6. Een groep op ’n keer plaas hul voorwerpe en hul getal 6-kaart op die tafel.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.


 **WENK**

Wanneer julle groepe vorm, bespreek wie genoeg het vir ses, hoeveel het meer, ensovoorts.

## Dag 3

## Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ses klein eendjies* (bladsy 96)
- 7 groot klippe
- 7 eende van speeldeeg/plastiek/karton
- Kolkaarte van 1–6 (*Hulpbronstel*)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ses klein eendjies*, en dramatiseer dit.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in ’n kring. Vertel ’n kort storie terwyl jy ses klippe en sewe eende in die middel van die kring uitpak waar al die leerders dit kan sien.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel klippe/eende dink julle is daar?
- ★ Is daar meer/minder eende of meer/minder klippe?
- ★ Hoe weet julle dit?

## WENK

Herinner die leerders wat die kaarte vashou om hulself by te tel wanneer hulle die getal leerders in die groep tel.

4. **Kolkaarte en ordening van getalle van 1–6:** Wys vir leerders kolkaarte 1–6. Gee vir ses leerders elk 'n kolkaart van 1 tot 6. Vra hulle om groepe met maats te vorm volgens die getal kolle op hul kaart.

### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders sal daar wees as die groep met twee leerders, aansluit by die groep met drie leerders?
- ★ Is daar 'n groep wat dieselfde getal leerders in hul groep het as die twee groepe wat nou saam is?

Herhaal met ander getalle en ander leerders. Leerders wat nie deel van 'n groep is nie, rangskik die groepe in volgorde van 1 tot 6.

- ★ Watter groep kom volgende?
- ★ Watter groep kom laaste?

5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

## Dag 4

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ses klein eendjies* (bladsy 96)
- 7 eende van speeldeeg/plastiek/karton
- 7 kartonslakke
- Getallelyn met getalsimboolkaarte van 1–6

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ses klein eendjies*, en dramatiseer dit met 'n ander groep leerders.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Plaas sewe eende en sewe kartonslakke waar al die leerders dit kan sien.

### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel slakke/eende dink julle is daar?
- ★ Is daar net soveel slakke as eende?
- ★ Is daar meer/minder eende of meer/minder slakke? Hoe weet julle dit?

4. **Getal 6-dans:** Skep saam 'n getal 6-dans. Klap ses keer, spring ses keer, gee ses treë terug, ensovoorts. Vra leerders vir voorstelle.
5. **Getal 6-speletjie:** Leerders maak hul oë toe terwyl jy ses eende in die klaskamer wegsteek. Die leerders maak dan beurte om 'n dobbelsteen te gooi. As dit op die getal 6 land, soek hulle 'n eend. Gee leidrade deur "baie warm" te roep as hulle naby 'n eend is, "koud" as hulle ver weg is en "warm" as hulle nader kom. Die klas tel die eende saam namate hulle gevind word. Hulle plaas die bypassende getalsimbole van 1–6 op die getallelyn. 'n Leerder gebruik een eend om van 1 tot 6 op die getallelyn te spring terwyl die klas tel.



## WENK

Herhaal drie bewegings in 'n reeks 'n paar keer voordat jy nuwe bewegings byvoeg.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel eende het ons gevind?
- ★ Hoeveel leerders het 'n beurt gehad om 'n eend te vind?
- ★ Hoeveel eende moet ons nog vind om ses in die groep te maak? Hoe weet julle dit?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

**Dag 5****Wat jy nodig het**

- Liedjie: *Ses klein eendjies* (bladsy 96)
- Plakkaat 5
- 7 leerders se kosblikke
- Maskeerband/bordkryt

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ses klein eendjies*, en dramatiseer dit.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Tel saam sewe leerders terwyl hulle hul kosblikke gaan haal.

**Leidende vrae:**

- ★ Is daar meer leerders of meer kosblikke? Hoe weet julle dit? Kyk saam in die kosblikke.
- ★ Watter kosblik bevat twee/drie/vier items?
- ★ Is dit meer of minder as sewe items?

4. **Springbaan:** Gebruik maskeerband of bordkryt om 'n leer op die mat vir leerders te maak om in te spring terwyl die klas van 1 tot 6 tel.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan jy tot by die getal spring wat een meer/twee minder, twee meer/drie minder is as die getal waarop jy staan?
- ★ Kan jy op die getal 2/3/4 staan en van daar af aan tel terwyl jy spring?

5. **Oefen 1–6:** Bespreek Plakkaat 5. Gesels oor dit wat die leerders kan sien.

**Leidende vrae:**

- ★ Waar dink julle is hierdie mense?
- ★ Is daar enigiets in hierdie prent wat julle al voorheen gesien het?

**WENK**

As leerders nie kosblikke het nie, gebruik ander voorwerpe, byvoorbeeld bokse en blokke.

**WENK**

Maak tyd om oor pieknieks te gesels. Beweeg tussen die leerders en wys vir hulle die plakkaat.





## WENK

Moedig leerders aan om aan vrae met getalle te dink wat hulle graag wil stel.

- ★ Kan julle vyf/ses, ensovoorts, van enigiets sien?
- ★ Hoe weet julle dit is vyf/ses, ensovoorts?
- ★ Hoeveel bome sien julle? Hoeveel bome moet bykom om ses te maak?
- ★ Hoeveel voëls sien julle? Hoeveel het ons nog nodig om ses voëls te maak? En piesangs?
- ★ Is daar genoeg broodrolletjies vir elke persoon? Wat kan ons doen om seker te maak dat almal 'n rolletjie kry?
- ★ Hoeveel appels sien julle? Wat moet Pappa doen sodat almal 'n stukkie appel kan kry?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

### Integrasie

**Huistaal:** Stories, liedjies en rympies.

**Lewensvaardighede:** Grootmotoriese ontwikkeling en rigting.

## Kleingroepaktiwiteite

### Onderwyser-gerigte aktiwiteit

#### Wat jy nodig het

- 6 eende
- 3 groot klippe
- Getalfries: Getal 6 (bladsy 101)
- Speeldeeg en borde
- 'n Vel A4-papier en potlode
- 'n Houer per leerder met:
  - Getalsimboolkaarte,
  - getalnaamkaarte vir getalle van 1–6 (*Hulpbronstel*)
  - 7 dieretellers
  - Struktuurkrale

1. **Probleemoplossing:** Wys vir die leerders ses eende. Plaas drie klippe langs drie van die eende.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel eende is daar?
- ★ Hoeveel klippe is daar?
- ★ Is daar genoeg klippe vir elke eend om op te sit?
- ★ Hoeveel eende sal nie 'n klip hê om op te sit nie?
- ★ Hoeveel klippe het ons nog nodig sodat elke eend 'n klip het om op te sit?

2. **Tel voorwerpe van 1–7:**

**Leidende vrae:**


Leerders kyk na die diere in hul houers.

- ★ Het julle meer of minder as ses dieretellers in jul houers?

Leerders tel almal hulle diere van 1–7.

Kyk saam met die leerders na die getalfries.

- ★ Van watter getal leer ons hierdie week?
- ★ Is hierdie getal meer of minder as die getal diere wat julle het?



Tel saam die eende op die dierefries.

- ★ Wat moet julle doen om slegs ses diere in jul groep te hê?
- ★ Plaas drie diere terug in jul houers. Hoeveel diere het julle nou op die mat voor julle?
- ★ Hoeveel oë het jul drie diere altesaam? Hoeveel ore?

3. **Meer, minder, ewe veel:** Leerders maak twee groepe met ses van die diere in hul houers.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter groep het meer/minder?
- ★ Wie het ewe veel diere in elke groep?
- ★ Wat moet julle doen om ewe veel in jul groepe te hê? (As hulle nie gelyk was nie.)

4. **Pas getalsimbole van 1–6 by voorwerpe:** Leerders kyk na die getalsimboolkaarte in hul houers en na die getalfries.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan julle vir my die getal 1, 4, ensovoorts, wys?
- ★ Kan julle vir my die getal wys wat voor/na 3/5, ensovoorts, kom?

Speel 'n speletjie deur jou hande agter jou rug te hou. Wys een tot ses vingers. Die leerders tel diere om by jou vingers te pas en kies die bypassende getalsimbool- en getalnaamkaart. Herhaal 'n paar keer.

5. **Struktuurkrale:** Leerders gebruik die struktuurkrale om te tel.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan julle vir my vier krale, twee meer krale as 4, drie minder krale as 6, ensovoorts, wys?

Leerders hou twee krale in hul hande.

- ★ Hoeveel krale het julle nog nodig om 4 te maak?
- ★ Kan julle een/twee krale byvoeg?
- ★ Hoeveel krale het julle nou?
- ★ Kan julle een/twee krale wegvat?
- ★ Hoeveel krale het julle nou?

6. **Oefen die getal 6 deur speeldeeg te gebruik:** Die leerders maak die getalsimbool 6 uit speeldeeg. Help leerders wat gereed is om 6 te skryf.



**Maak seker leerders kan:**

- voorwerpe van 1–7 tel
- meer, minder identifiseer en twee gelyke groepe maak
- getalsimbole van 1–6 herken, benoem en by voorwerpe pas
- probleme tot en met 6 oplos



## WENK

Plaas getalkaarte op die tafel vir leerders om te kopieer as die getallelyn te ver weg is.

### Werkstasie 1

#### Wat jy nodig het

- Blanko vel A4-papier in 'n plastiekomhulsel – 1 per leerder
- Witbordpenne
- 'n Lap vir elke paar leerders
- Getallelyn
- Tellers (*Hulpbronstel*)

Leerders skryf die getal 1 met witbordpenne deur die getallelyn as 'n gids te gebruik. Hulle tel die getal tellers (een) uit wat daarby pas. Herhaal met die getalle 2–6.

### Werkstasie 2

#### Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Speeldeeg-patroontemplaats: Getal 6 (bladsy 104) – 1 per leerder

Die leerders gebruik speeldeeg om die patroontemplaats te voltooi.

### Werkstasie 3

#### Wat jy nodig het

- Per paar leerders:
  - Een dobbelsteen
  - 'n Houer met Unifix-blokkies

Leerders maak beurte om die dobbelsteen te gooi en pak die bypassende getal Unifix-blokkies op mekaar om 'n toring te bou. Hulle rol dan weer die dobbelsteen en voeg nog Unifix-blokkies by hul toring volgens die getal op die dobbelsteen.



### Werkstasie 4

#### Wat jy nodig het

- Bypassende getalkaarte en prentkaarte van 1–6

Leerders kies kaarte. Hulle vind die bypassende getal- en prentkaarte.



## WENK

Dit kan as 'n geheuespeletjie verduidelik word indien leerders onafhanklik kan speel.

# Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

## Onderwerpe

- Herken en identifiseer getalsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle

## Nuwe kennis

- Getal 7
- Mondelinge tel: tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 7–1
- Plaas getalle van 1–6 in volgorde
- Twee/drie meer/minder
- Voeg by, vat weg
- Vaslegging van getalkonsep 1–6

## Nuwe wiskunde-woordekat

sewe


net soveel soos

verskil tussen

## Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 7 (bladsy 102)
- 7 kartonuitknipprente van paddas (5 bruin en 2 groen)
- wasgoedlyn met getalsimboolkaarte van 1–7
- 5 kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 7
- kolkaarte vir die getal 7 met die kolle op elke kaart verskillend gerangskik
- 7 A5-kaarte, elk met 'n getal van 1 tot 7 en tou om getal-halssnoere mee te maak
- vlieë van speeldeeg
- kolkaarte van 1–7, een stel per leerder
- speeldeeg-patroontemplant: Getal 7 (bladsy 105) – 1 per leerder
- speeldeeg – genoeg vir twee aktiwiteite
- 1 papierkoppie per leerder
- 'n houer met bottelproppies/krale om die koppies mee te vul
- 'n vel A4-papier per leerder met 'n prent van twee flesse, elk met 'n getalsimbool tussen 1 en 7 (sien Werkstasie 2)
- papieruitknipprente van lekkers in verskillende kleure (sien Werkstasie 2)
- getal-legkaarte (1–7).



# Aktiwiteite vir die hele klas

## Dag 1

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sewe groenbont paddatjies* (bladsy 96)
- *Getal 7-storie* (bladsy 97)
- Getalfries en patroontemplaai van huis vir die getal 7 (bladsy 102)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Sewe groenbont paddatjies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Hou een vinger op 'n slag op en tel van 1–10. Leerders draai na 'n maat en hulle maak beurte om mekaar se vingers te tel.



### WENK

Indien moontlik, vra leerders om 'n paar handskoene skool toe te bring. Wys 'n voorbeeld en bespreek wat hulle onder die woord "paar" verstaan ('n stel van twee dinge wat saam gebruik word). Hulle kan aan pare aan hul liggame dink, byvoorbeeld hande, bene, oë, ensovoorts.


#### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel vingers het julle aan albei hande saam?
  - ★ Van watter ander liggaamsdele het ons ook altesame 10?
4. **Stel die getal 7 bekend:** Wys na die getalfries vir 1–6.

#### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel diere dink julle sal in die volgende huis woon?
- ★ Sal daar meer of minder as ses wees?

Vertel die *Getal 7-storie*. Wys die dele van die getalfries terwyl jy die storie van die diere en die prente van die huis opbou: die verskillende voorstellings van die getal 7, byvoorbeeld, die prent, die kolle, die simbool en die woord. Stal die dele van die fries in die dierehuis langs die getal 6 teen die muur in die wiskunde-area uit. Tel saam die paddas.



#### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel meer paddas is daar as eende?
- ★ Hoeveel minder apies is daar as paddas?
- ★ Watter getal kom voor 5/6; na 3/4, ensovoorts?

Maak of julle paddas is.

- ★ Watter geluid maak 'n padda?
- ★ Kan julle vir my wys hoe hulle beweeg/eet?
- ★ Hoeveel oë sal een padda/twee paddas/drie paddas hê?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



### WENK

Voordat jy nuwe kennis bekendstel, vra leerders van watter getal hulle teruggetel het en tot by hoeveel voorwerpe hulle aangetel het.

## Dag 2

## Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sewe groenbont paddatjies* (bladsy 96)
- Liedjie: *Een klein, twee klein* (bladsy 97)
- Kolkaarte, prentkaarte en getalsimboolkaarte vir 1–7 (*Hulpbronstel*)
- 5 kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 7

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Sewe groenbont paddatjies*, en dramatiseer dit.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Sing, *Een klein, twee klein*, terwyl jy vingers van 1–10 wys.
4. **Kolkaarte 1–7-speletjie:** Speel die “groeperingspeletjie” uit Week 2 (bladsy 23: Aktiwiteit 4, Dag 3) om leerders in groepe van sewe te kry. Gebruik kolkaarte, prentkaarte en getalsimboolkaarte van 1–7.
5. **Wiskundetafel:** Groepe van sewe leerders versamel sewe soortgelyke voorwerpe in of buite die klaskamer, byvoorbeeld, blokkies, viltpenne, klippies of herwinbare materiaal. Leerders kom sit weer op die mat in hul groepe. Elke groep sê wat en hoeveel hulle gevind het. Bespreek die ooreenkomste en verskille tussen versamelings. Gee vir elke groep ’n kolkaart, getalsimbool of getalnaamkaart met die getal 7. Een groep op ’n slag plaas hul voorwerpe en kaarte met die getal 7 op die tafel.



## WENK

Leerders kan sewe herwinbare items van die huis af bring of items op die speelgrond optel wat herwin kan word.



6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 3

## Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sewe groenbont paddatjies* (bladsy 96)
- 7 kartonuitknipprente van paddas
- Kolkaarte vir 1–7
- Kolkaarte vir 7 (met verskillende rangskikkings van kolle)
- Getalfriese 1–6
- Getalfries: Getal 7 (bladsy 102)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Sewe groenbont paddatjies*. Gebruik die prente terwyl julle die liedjie sing.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 2.

4. **Kolkaarte en ordening van 1–7:** Wys stadig vir leerders die kolkaarte van 1–7. Hulle klap wanneer hulle die kaart met sewe kolle sien. Wys vir die leerders kombinasies van kolkaarte wat sewe maak. Begin met die kolkaarte vir 3 en 4.

**Leidende vrae:**

- ✦ Hoeveel kolle is daar? (3)
- ✦ Hoeveel kolle is daar? (4)
- ✦ Hoeveel kolle is daar as ons die kaarte (3 en 4) bymekaar sit?

Herhaal met ander kombinasies van kolkaarte.

- ✦ Is daar enige kaarte wat ons nie gebruik het nie wat ons saam kan sit om sewe kolle te maak?

Plaas die kolkaarte waar die leerders dit kan sien. Hulle maak beurte om twee kaarte te kies wat saam die getal 7 maak.

Wys die kolkaarte vir 7 met verskillende rangskikkings van sewe kolle.

**Leidende vrae:**

- ✦ Hoeveel kolle is daar op elke kaart?

Leerders maak beurte om kolkaarte vir 1–7 by getalle op die getalfriese te pas. Hulle plaas dit in die korrekte volgorde teen die muur.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 4

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sewe groenbont paddatjies* (bladsy 96)
- 15 paar handskoene of kartonuitknipprente van hande
- 7 halsnoere vir getalle 1–7
- 7 kartonpaddas
- Getalfriese 1–7

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Sewe groenbont paddatjies*, saam en kyk dan na die getalfriese vir 1–7.

**Leidende vrae:**

- ✦ Hoeveel huise kan julle sien?
- ✦ Hoeveel paddas is daar in die liedjie?
- ✦ Is daar genoeg huise sodat ons een padda in elke huis kan sit?

Leerders sit 'n padda by elke huis.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders tel die vingers aan 'n paar handskoene.

**Leidende vrae:**

- ✦ Is daar net soveel vingers aan die handskoene as wat julle aan jul hande het?
- ✦ Het julle al handskoene gesien wat meer/minder as tien vingers het?

4. **Oefen 1–7 en plaas dit in volgorde:** Skep 'n getal 7-dans, byvoorbeeld, stamp sewe keer met die voete, knik sewe keer en wieg sewe keer.

### WENK

Dit kan in pare, klein groepe of individueel gedoen word, na gelang van hoeveel pare handskoene daar is. Gebruik kartonuitknipprente van hande as leerders nie handskoene bring nie.

## WENK

Bespreek met leerders waarom hulle “een minder” moet roep as die getal op hul halsnoer.

Sewe leerders dra elk 'n getal-halsnoer met 'n getal van 1 tot 7 daarop. Die ander leerders help die sewe leerders met die halsnoere om in volgorde van 1 tot 7 te staan. Elke leerder met 'n halsnoer maak dan 'n groep om by die getal op hul halsnoer te pas. Dié wat oorbly tel die getalle in die groepe en wys na die bypassende getalfries.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel maats moet julle roep indien julle die getal 5/6, ensovoorts, het?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 5

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sewe groenbont paddatjies* (bladsy 96)
- 10 paar handskoene of kartonuitknipprente van hande
- Maskeerband of bordkryt
- Plakkaat 3
- Boontjiesak

1. **Liedjie:** Sing saam die liedjie, *Sewe groenbont paddatjies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Tel saam tien leerders om in 'n ry te sit en plaas een paar handskoene voor elke leerder.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel pare handskoene is op die mat?
- ★ Is daar genoeg vir elk van hierdie tien leerders?
- ★ Hoe kan ons seker maak?

4. **Springbaan:** Gebruik maskeerband of bordkryt om op die mat 'n leer vir leerders te maak om in te spring terwyl die klas van 1–7 tel.


**Leidende vrae:**

- ★ Kan julle tot by die getal spring wat een meer/twee minder/twee meer/drie minder is as die getal waarop julle staan?
- ★ Kan julle op die getal 4/5/6 staan en van daar af aan tel terwyl julle spring?
- ★ Kan julle die boontjiesak tot by die getal wat een meer as 6 is, gooi?

5. **Oefen 1–7:** Bespreek Plakkaat 3. Gesels oor dit wat die leerders kan sien.

**Leidende vrae:**

- ★ Wat in hierdie klaskamer is dieselfde/anders as in jul klaskamer?
- ★ Kan julle sewe/ses, ensovoorts, van enigiets sien?



- ★ Is daar meer leerders wat staan of meer leerders wat sit?
- ★ Hoeveel bome op die verjaarsdagkaart het meer as een naam op?

## WENK

Bind elke paar handskoene of die uitknipprente van die hande aan mekaar vas.



- ✦ Watter getalle kan ons by die getal-wasgoedlyn voeg? Waarom daardie getalle?
- ✦ Watter getal kom voor/na/tussen \_\_\_\_?
- ✦ Sewe voëls vlieg verby die venster. As ons vier kan sien, hoeveel het al verby gevlieg?
- ✦ Twee leerders het saam sewe vorms. As een van die leerders vyf vorms het, hoeveel vorms het die ander leerder?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

### Integrasie

**Geletterdheid en Lewensvaardighede:** Skep stories en liedjies oor paddas en getalle deur bekende wysies te gebruik.

## Kleingroepaktiwiteite

### Onderwyser-gerigte aktiwiteit

#### Wat jy nodig het

- 7 kartonuitknipprente van paddas
- 7 vlieë uit speeldeeg gemaak (klein speeldeegballe)
- 2 plastiekdeksels of papierborde per leerder
- 'n Houer per leerder met:
  - Kolkaarte van 1–7
  - Getalsimbool- en getalnaamkaarte van 1–7 (*Hulpbronstel*)
  - 7 tellers
  - 'n Bal speeldeeg

1. **Woordprobleme:** Kyk na die sewe paddas en die sewe speeldeeg-vlieë.

#### Leidende vrae:

- ✦ Ses paddas eet elkeen 'n vlieg. Hoeveel vlieë bly oor?
- ✦ Hoe weet julle dit? Sê vir my hoe julle jul antwoord gekry het.

2. **Oefen meer as, minder as, gelyk aan:** Kyk weer na die sewe paddas en sewe vlieë.

#### Leidende vrae:

- ✦ Is die getal paddas meer as, minder as of gelyk aan die getal vlieë? Tel saam die paddas en die vlieë.

3. **Voeg by, vat weg:** Leerders gebruik tellers om die paddas voor te stel. Vra hulle om vir jou sewe paddas (met die tellers) te wys.

#### Leidende vrae:

- ✦ Hoeveel paddas sal oorbly as julle drie paddas wegvat?
- ✦ Hoeveel paddas het julle as ons twee paddas byvoeg?

Leerders gebruik die tellers in hul houers om probleme voor te stel en op te los – byvoorbeeld:

- ✦ Vyf paddas gaan soek vlieë. Party paddas is groen en party paddas is bruin. Twee van die paddas is bruin. Hoeveel paddas is groen?
- ✦ Hoe weet julle dit? Sê vir my hoe julle by jul antwoord uitgekom het.

### WENK

Vra altyd vir leerders om te verduidelik hoe hulle die probleem opgelos het, of hoe hulle by hul antwoord uitgekom het.

- ★ 'n Groen padda het twee vlieë. 'n Bruin padda het vier vlieë. Hoeveel vlieë het die bruin padda meer as die groen padda?
  - ★ Hoe weet julle dit? Sê vir my hoe julle by jul antwoord uitgekome het.
4. **Tel voorwerpe van 1–10 en 10–1:** Leerders maak en tel elkeen 10 vlieë. Hulle tel terug van 10 tot 1.
- Leidende vrae:**
- ★ Kan julle vir my  $4/7$ , ensovoorts, vlieë wys?
5. **Oefen getalle van 1–7:** Leerders haal een getalsimboolkaart uit. Hulle bou 'n toring met Unifix-blokkies om hierby te pas. Hulle pas hul kolkaarte en getalnaamkaarte by hul getalsimboolkaart en toring.
- Leidende vrae:**
- ★ Het jul toring dieselfde getal Unifix-blokkies as die getal vlieë wat ek het?
  - ★ Het jul toring dieselfde getal Unifix-blokkies as die getal paddas?
6. **Skud en breek:** Leerders gebruik sewe tellers om te skud en breek. Bespreek hoe die leerders 7 opgebreek het.
- Vergelyk groepe deur vir leerders te vra om drie tellers op een deksel en vier op die ander deksel te plaas.
- Leidende vrae:**
- ★ Watter deksel het die meeste tellers?
- Vra leerders om ses tellers op een deksel en een op die ander deksel te plaas.
- ★ Watter deksel het minder tellers?
  - ★ Hoeveel minder?
- Vra leerders om vier tellers op een deksel en een op die ander een te plaas.
- ★ Hoe kan ons ewe veel tellers op elke deksel hê?
7. **Dobbelsteen:** Gooi die dobbelsteen. Leerders sê vinnig die getal kolle op die dobbelsteen.
8. **Oefen die getal 7 deur speeldeeg te gebruik:** Die leerders maak die getalsimbool 7 uit speeldeeg. Help leerders wat gereed is om 7 te skryf.



### Maak seker leerders kan:

- voorwerpe van 1–10 tel
- terug tel van 10–1
- meer, minder, gelyk aan identifiseer
- getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir 1–7 herken, bymekaar pas, benoem en in volgorde plaas
- voorwerpe by kolkaarte vir 1–7 pas
- optel- en aftrekprobleme tot by 7 oplos
- kolle van 1–6 op 'n dobbelsteen herken

## Werkstasie 1

### Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Speeldeeg-patroontemplant: Getal 7 (bladsy 105) – 1 per leerder


Leerders gebruik speeldeeg om die patroontemplant te voltooi.

## Werkstasie 2

### Wat jy nodig het

- Per leerder:
- 'n Vel A4-papier met prente van fesse
  - Papieruitknipprente van lekkers in verskillende kleure
  - Skêr
  - Gom

Leerders "vul" die fesse met die korrekte getal "lekkers" om ooreen te stem met die getal op elke fles.



## Werkstasie 3

### Wat jy nodig het

- 'n Koppie per leerder
- Bottelproppies/krale in 'n houër
- 'n Dobbelsteen per paar



Leerders maak beurte om die dobbelsteen te gooi en plaas dan dieselfde getal items in hul koppie as die getal waarop die dobbelsteen land. Wanneer hul koppie vol is, gooi hulle die dobbelsteen om die koppies leeg te maak.

## Werkstasie 4

### Wat jy nodig het

- Getal-legkaarte (1–7)



Leerders kies elkeen 'n getal-legkaart. Hulle vind die bypassende getal-en prentstukkies.

# Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

## Onderwerpe

- Posisie, oriëntasie en aansigte
- Kenmerke van 2D-vorms en 3D-voorwerpe
- Volg rigtingaanwysings

## Nuwe kennis

- Vorms: reghoek
- Rigting: links, regs
- Posisie: middel, onder
- Sorteer voorwerpe volgens twee kenmerke
- Legkaarte met agtien stukke

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 10–1
- Vorms: sirkel, vierkant, driehoek
- Simmetrie
- Vaslegging van getalkonsep 1–7

## Nuwe wiskunde-woordekat

simmetrie  
links


regs  
middel

reghoek


## Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- groot kartonvorms van 'n reghoek en 'n vierkant (wiskunde-area)
- papiervorms: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek – 1 per leerder
- verskeidenheid blare – 1 per leerder
- vorm-boek (bladsy 107) – 1 per leerder
- papierreghoeke van verskillende groottes en kleure
- 8 klein kartonsirkels, -vierkante, -driehoeke en -reghoeke, soortgelyk in grootte aan die attribuutblokke (in Kwartaal 2, Week 8, gebruik)
- legkaarte met agtien stukke (bladsy 112)
- 'n vel A4-papier met 4 kolomme en prent van 'n vorm (reghoek, sirkel, driehoek, vierkant) onderaan elke kolom – 1 per leerder



- onvoltooide prente.



# Aktiwiteite vir die hele klas

## Dag 1

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sewe groenbont paddatjies* (bladsy 96)
- 'n Bal
- Musiek
- Groot reghoekige boks
- Groot vel papier
- Viltpen
- Bordkryt
- Attribuutblokke

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Sewe groenbont paddatjies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders staan in 'n kring. Roep 'n getal tussen 1 en 10 uit. Leerders maak beurte om die bal te bons volgens die getal wat uitgeroep word. Tel saam die getal kere wat die bal gebons word.
4. **Vaslegging van die sirkel, vierkant, driehoek:** Teken 'n groot sirkel, vierkant en driehoek op die vloer. Leerders loop om die rande van die vorms. Wanneer die musiek ophou, trap hulle in die vorm waarop hulle loop.

#### Leidende vrae:

- ✦ Wat word jul vorm genoem? Hoe weet julle dit?
- ✦ Hoe verskil jul vorm van die ander vorms?
- ✦ Hoeveel sye/hoeke/punte het dit?

5. **Stel reghoeke bekend:** Trek die vlak van 'n groot reghoekige boks na om 'n reghoek te teken. Fokus op die reguit lyne, die hoeke en die getal sye terwyl jy teken.

#### Leidende vrae:

- ✦ Weet julle wat hierdie vorm genoem word?
- ✦ Hoeveel reguit lyne het die reghoek?
- ✦ Hoeveel hoeke het die reghoek?
- ✦ Hoeveel sye het die reghoek?

Plaas die boks met attribuutblokke op die mat. Hou 'n attribuutblok wat 'n reghoek is op.

- ✦ Wat word hierdie vorm genoem?
- ✦ Is hierdie vorm dieselfde as die een wat ons nou net geteken het? Waarom?

Stuur die agt reghoek-attribuutblokke in die klas rond sodat leerders die kenmerke daarvan kan voel en verken.

- ✦ Hoeveel hoeke het dit?
- ✦ Hoeveel sye het dit?
- ✦ Wat kan julle vir my van die sye vertel? Is al die sye ewe lank?
- ✦ Watter sye is korter?
- ✦ Kan julle vir my vertel hoe die reghoek van die vierkant verskil?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 2

## Wat jy nodig het

- Liedjie: *Dit is 'n reghoek* (bladsy 97)
- 10 stoele
- Prent van 'n reghoek

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Dit is 'n reghoek*. Wys 'n prent van 'n reghoek en wys na die sye terwyl die leerders sing.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Tien leerders vorm 'n sirkel met tien stoele. Elke leerder staan op en sê 'n getal, beginnende by 1, en gaan sit dan. Wanneer die laaste leerder gaan sit, sê die hele klas "10". Herhaal die aktiwiteit deur met 'n ander leerder te begin.

 **WENK**

Die leerder wat begin tel, kan 'n hoed dra.



4. **Soek 'n reghoek:** Leerders speel die speletjie, "Ek sien met my klein ogie ... 'n reghoek." Leerders raai waar die reghoek in die klaskamer is, byvoorbeeld, prente, reghoekige vorms soos die deur, venster, tafel en boeke. Leerders voorspel watter reghoek-vorms hulle dalk buite sal vind as hulle daar gaan soek.

**Leidende vrae:**

- ★ Vertel vir my hoe die vorm lyk?
  - ★ Waarom is/is dit nie 'n reghoek nie?
  - ★ Hoeveel sye/hoeke het dit?
  - ★ Is al die sye ewe lank?
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 3

## Wat jy nodig het

- Liedjie: *Kom ons dans* (bladsy 97)
- 10 alledaagse voorwerpe in 'n sak
- Musiekinstrument
- Vierkantige en reghoekige houtblokke
- Groot kartonreghoek en -vierkant
- Plakkaat 3

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Kom ons dans*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in 'n kring. Hulle tel tien voorwerpe terwyl jy dit in die sak sit. Hulle stuur die sak rond terwyl musiek speel. Wanneer die musiek ophou, plaas die leerder wat die sak vashou een of meer voorwerpe uit die sak in die middel van die mat. Ander leerders raai hoeveel voorwerpe op die mat is. Tel dit saam. Herhaal die aktiviteit.



4. **Oefen vorms:** Leerders soek na reghoekige en vierkantige blokkies in die klaskamer. Hulle vergelyk die ooreenkomste en verskille tussen die blokkies. Hulle plaas die blokkies op die kartonreghoek of kartonvierkant, soos van toepassing.



5. **Identifiseer vorms:** Bespreek Plakkaat 3.

**Leidende vrae:**

- ★ Waarvan dink julle leer die kinders op die mat?
- ★ Watter vorms kan julle sien?
- ★ Is dit 'n reghoek of 'n vierkant? Hoe weet julle dit?
- ★ Waarom is dit nie 'n reghoek/vierkant nie?
- ★ Kan julle 'n vorm vind wat twee kort en twee lang sye het?
- ★ Kan julle 'n vorm met vier sye vind wat almal ewe lank is?
- ★ Watter vorm is Malusi se bril?
- ★ Kan julle enige ander reghoeke sien?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 4

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Kom ons dans* (bladsy 97)
- Rekkies/wolbandjies – 1 per leerder
- 6 hoelahoepels

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Kom ons dans*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Vyf leerders staan om die ses hoelahoepels. Speel musiek. Wanneer die musiek ophou, plaas leerders die getal liggaamsdele wat jy uitroep, oor die hoepel. Byvoorbeeld: “Wys vir my vyf koppe, tien elmboë, vier voete, nege vingers.”



## WENK

Leerders hou hul bandjies om hul arms vir die week. Gesels met hulle oor watter hand hulle gebruik om mee te teken, te eet of 'n bal mee te vang.

4. **Posisie en rigting:** Plaas 'n los rekkie/wolbandjie om elke leerder se regterhand.

### Leidende vrae:

- ★ Is jou bandjies om jou linker- of regterhand?
- ★ Waai vir my met jou linker-/regterhand.

Sing die liedjie, *Kom ons dans*. Leerders plaas hul regter- of linkerhande in die hoepel terwyl hulle die liedjie sing.

Drie leerders staan in 'n ry voor die klas. Bespreek waar elke leerder staan en stel die woord “middel” bekend.

- ★ Wie staan in die middel?

Plaas die kartonsirkel, -vierkant en -driehoek in 'n ry en bespreek hul posisies.

- ★ Watter vorm is in die middel?

Speel “Sizwe sê” en gebruik posisie- en rigting-woordeskat soos:

- ★ Tree vorentoe met jou linkervoet.
- ★ Spring agtertoe op jou regtervoet.
- ★ Plaas jou regterhand bokant jou kop.
- ★ Sit jou middelvinger op jou neus.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 5

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Dit is 'n reghoek* (bladsy 97)
- 'n Vel A4-papier
- Sirkels, vierkante, driehoeke en reghoeke van papier – 1 per leerder
- Blare – 1 per leerder

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Dit is 'n reghoek*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders tel terwyl hulle twee keer na links en dan twee keer na regs buig. Herhaal tot hulle by 10 kom.





4. **Simmetrie:** Wys vir leerders die vel A4-papier.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter vorm is dit?

Bespreek hoe die vorm gevou kan word, van hoek tot hoek, sodat die gevoude kante (of dele) presies dieselfde is.

- ★ Hoe kan ons hierdie reghoek vou sodat dit twee kante het wat presies dieselfde is?

Gee vir elke leerder 'n papiervorm. Leerders vou hul vorms sodat die twee gevoude kante dieselfde is.

- ★ Watter vorm is jul papiere?
- ★ Hoe kan julle die sirkel/reghoek/vierkant/driehoek in die middel vou sodat die twee kante presies dieselfde is?
- ★ Is die kante presies dieselfde?
- ★ Watter ander voorwerpe kan julle sien wat twee kante sal hê wat presies dieselfde is as julle 'n lyn in die middel daarvan trek?

Gee vir elke leerder 'n blaar.

Hulle vou die blaar in die lengte in die helfte en skeur dit versigtig middeldeer.

- ★ Dink julle die kante van die blaar is presies dieselfde?
- ★ Hoe kan ons uitvind?



5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

**Integrasie**

**Huistaal:** Gebruik posisie-woordeskat wanneer jy instruksies gee, byvoorbeeld: "Sit die boek op die middelste rak."

**Lewensvaardighede:** Verf prente wat die gebruik van simmetrie behels, byvoorbeeld, patrone op 'n skoenslapper en skilpadbesie se vlerke (sien Kwartaal 1, Week 7).

## Kleingroepaktiwiteite

### Onderwyser-gerigte aktiwiteit

**Wat jy nodig het**

- 'n Houer vir elke leerder met:
  - 10 attribuutblokke – sluit al vier vorms in (*Hulpbronstel*)
  - 7 vrugtetellers (*Hulpbronstel*)
- 'n Vel A4-papier met kolomme om vorms te sorteer – 1 per leerder
- 'n Vel A4-papier – 1 per leerder
- Kolkaarte vir 1–7 (*Hulpbronstel*)

1. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders tel 10 attribuutblokke uit hul houers uit.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel driehoeke/sirkels/vierkante/reghoeke sien julle?
- ★ Kan julle meer/minder reghoeke of vierkante sien?

2. **Oefen vorms:** Leerders sorteer hul attribootblokke aan die hand van hul ooreenkomste en verskille. Hulle plaas elkeen in die korrekte kolom op hul vel A4-papier met kolomme om die vorms te sorteer.



**Leidende vrae:**

- ★ Hoe is die vorms dieselfde/verskillend?
- ★ Leerders groepeer al die vorms wat vier sye het in een groep op die mat.
- ★ Kan julle vir my 'n vorm wys wat vier sye het wat almal ewe lank is?
- ★ Kan julle vir my 'n vorm wys wat twee lang sye en twee kort sye het?
- ★ Onthou julle wat hierdie vorm genoem word?
- ★ Hoe is al hierdie vorms dieselfde?

3. **Kolkaarte (1–7):** Gee vir elke leerder 'n kolkaart. Hulle maak beurte om hul vrugtetellers te gebruik en die rangskikking van die kolle op hul kaarte te kopieer. Gaan elke leerder se rangskikking na voordat jy vir hulle nuwe kaarte uitdeel.

**Leidende vrae:**

- ★ Dink jy hierdie kaart het meer/minder kolle as die een wat jy voorheen gehad het?

4. **Simmetrie:** Gee vir elke leerder 'n vel A4-papier. Leerders vou hul vel papier (reghoeke) sodat die twee kante dieselfde is.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter vorm is jul bladsye?
- ★ Hoe kan julle die bladsye vou sodat die twee kante presies dieselfde is?



**Maak seker leerders kan:**

- 10 voorwerpe tel
- 'n versameling voorwerpe (1–7) identifiseer en volgens kolkaarte rangskik
- 'n simmetrielyn op vorms toepas
- reghoeke herken en benoem en hul kenmerke beskryf

## Werkstasie 1



### Wat jy nodig het

- Onvoltooide prente – 1 per leerder
- Kryte

Leerders voltooi die vorm in die prent sodat albei kante dieselfde is, wat die vorm simmetries maak. Hulle kleur die twee kante in deur verskillende kleure te gebruik.

## Werkstasie 2

### Wat jy nodig het

- Vorm-boek per leerder (bladsy 107)
- 8 klein kartonsirkels, -vierkante, -driehoeke en -reghoeke
- Kryte

Leerders kopieer of trek die individuele vorms na en teken 'n prent deur al die vorms te gebruik.



## Werkstasie 3



### WENK

Gee leerders die vryheid om hul eie idees te gebruik, selfs al beteken dit hulle maak nie 'n reghoek-persoon nie, maar eerder hul eie skepping uit die reghoeke uit.

### Wat jy nodig het

- Papierreghoeke van verskillende groottes en kleure
- Papier
- Kryte
- Gom

Leerders plak reghoek-vorms op papier om 'n reghoek-persoon te maak.

## Werkstasie 4

### Wat jy nodig het

- 'n Versameling legkaarte met agtien stukke

Leerders bou legkaarte.

# Fokus van Inhoudsarea: Meting

## Onderwerpe

- Massa: direkte vergelyking met niestandaardeenhede

## Nuwe kennis

- Massa
- Lig, ligter, ligste
- Swaar, swaarder, swaarste

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10
- Twee/drie meer/minder
- Gelyke groepe
- Groter, kleiner

## Nuwe wiskunde-woordekat

lig, ligter, ligste  
swaar, swaarder, swaarste

massa  
balanseerskaal

## Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- balanseerskaal (sien foto op bladsy 46)
- verskeidenheid alledaagse voorwerpe met verskillende massas om te weeg, byvoorbeeld, opgeblaasde ballon, skuifspeld, watte, leë eierboksie, veer, blaar, muntstukke, groot vel papier, potlood, sade, takkie, klip, blok, boek, leë en vol bottels
- blare en klippe – 1 van elk per leerder
- 2 houers: 'n klein houer vol klippies; 'n groter houer vol polistireenskyfies



- 'n vel A4-papier, verdeel in kolomme vir "swaar" en "lig" (sien foto op bladsy 51) – 1 per leerder
- 'n vel A4-papier met prente van "swaar" en "ligte" voorwerpe en werklike voorwerpe om by die prente te pas
- 5 blikkies van dieselfde grootte, gevul met voorwerpe waarvan die massa verskil, byvoorbeeld, sand, knope, klein klippies, water, sade
- houers wat vol water/sand gemaak kan word vir water- en sandspel
- maathouers van verskillende groottes en vorms, byvoorbeeld, lang houers (party wat breed is en ander wat smal is), kort houers (party wat plat is, ander wat breed is en ander wat smal is), lepels, skoppies, melkbottels, klein en groot jogurthouers.

# Aktiwiteite vir die hele klas

## Dag 1

### Wat jy nodig het

- 2 inkopiesakke, een met 5 blikkies kos van dieselfde massa; die ander met 5 kartontoiletrolle
- Alledaagse voorwerpe van verskillende massas

1. **Liedjie:** Leerders sing een van die liedjies uit die vorige weke.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders tel die inhoud van die eerste inkopiesak (vyf blikkies) en dan van die tweede inkopiesak (vyf kartontoiletrolle).

#### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel items is daar in die eerste/tweede inkopiesak?
- ★ As ons al hierdie items tel, hoeveel items dink julle sal daar wees?

4. **Vergelyk swaarder en ligter:** Vertel 'n storie oor hoe julle by die winkel gaan inkopies doen en blikkies kos en toiletrolle koop. Wys vir die leerders die inkopiesakke en sê vir hulle dat die kassier die toiletrolle in een sak en die blikkies in 'n ander sak gepak het.

#### Leidende vrae:

- ★ Watter sak sal julle graag wil dra? Waarom?
- ★ Waarom dink julle moet ons weet hoe swaar of lig voorwerpe is? Plaas die items terug in die sakke. 'n Paar leerders maak beurte om elk van die inkopiesakke op te tel.
- ★ Watter inkopiesak voel ligter/swaarder as die ander sak?
- ★ Wat is groter, 'n blikkie of 'n toiletrol?
- ★ Is alle groot voorwerpe ligter as kleiner voorwerpe?

### WENK

Maak seker al die leerders kry 'n beurt sodat hulle almal die aktiwiteit vir die hele klas kan geniet.



Plaas die alledaagse voorwerpe op die mat.

- ★ Watter item dink julle sal die swaarste/ligste wees? Hoe weet julle dit? Leerders maak beurte om na twee items te wys en voorspel watter een swaarder en watter een ligter sal wees.
- ★ Dink julle dit sal ligter/swaarder as die \_\_\_\_\_ wees?

Leerders hou dan een item in elke hand en sê watter een swaar voel en watter een lig voel.

- ★ Het julle reg geraai?
- ★ Hoe kan julle sê watter een ligter/swaarder is?
- ★ Kan julle iets anders vind wat ligter/swaarder as die \_\_\_\_\_ is? Waarom dink julle so?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 2

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Een olifant het gaan stap* (bladsy 98)
- Blare en klein klippies, 1 van elk per leerder
- Balanseerskaal
- Alledaagse voorwerpe waarvan die massa verskil (uit Dag 1)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Een olifant het gaan stap*, met aksies.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas 'n hopie met 10 blare en 'n hopie met 10 klippies op die mat.

#### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel blare/klippies dink julle is daar in elke hopie?
- Tel saam die blare en klippies.
- ★ Hoe naby het julle geraai aan die korrekte getal blare/klippies?
  - ★ Is daar meer/minder klippies?

4. **Vergelyk massa:** Leerders sit in 'n kring, maak hul oë toe en hou albei hande oop. Plaas 'n blaar in leerders se een hand en 'n klippie in die ander hand.

#### Leidende vrae:

- ★ Watter voorwerpe voel swaarder/ligter?

Leerders maak hul oë oop en identifiseer watter voorwerp swaarder is.

5. **Massa: balanseerskaal:** Gaan voort met die bespreking oor hoe 'n mens uitvind of dinge lig of swaar is.

#### Leidende vrae:

- ★ Op watter maniere kan ons uitvind watter dinge lig of swaar is?
- ★ Plaas die balanseerskaal en alledaagse voorwerpe op die mat. Een leerder kies twee items om te weeg.
- ★ Hoe kan ons die balanseerskaal gebruik om uit te vind watter van hierdie voorwerpe swaarder/ligter is?





## WENK

Leerders dink dikwels verkeerdelik dat die kant van die skaal wat hoër is, swaarder is.

- ✦ Wat gebeur aan die kant met die \_\_\_\_? Waarom dink julle gebeur dit?
- ✦ Wat dink julle sal gebeur as julle die \_\_\_\_ aan die een kant sit en die \_\_\_\_ aan die ander kant?

'n Paar leerders maak beurte om voorwerpe te kies wat geweeg moet word, skat watter swaar en watter lig sal wees, en toets hul voorspellings.

- ✦ Watter voorwerp dink julle sal swaarder/ligter wees?
- ✦ Het julle reg geskat?
- ✦ Wat gebeur aan hierdie kant van die skaal? Waarom dink julle het dit gebeur?

Vra leerders om 'n swaar en ligte voorwerp van die huis af te bring vir die les op Dag 3.

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

## Dag 3

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Een olifant het gaan stap* (bladsy 98)
- Swaar en ligte voorwerpe wat die leerders gebring het
- Appel uit speeldeeg gemaak
- Balanseerskaal
- A4-tabel met kolomme vir lig/swaar

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Een olifant het gaan stap*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Roep 'n getal tussen 1 en 10 uit. Leerders verdeel in groepe volgens die getal wat jy geroep het.

#### Leidende vrae:

- ✦ Hoeveel leerders is daar in jul groep?
- Herhaal met ander getalle.

4. **Vergelyk en orden voorwerpe volgens massa:** Leerders maak beurte om die voorwerpe wat hulle van die huis af gebring het vir die klas te wys.

#### Leidende vrae:

- ✦ Watter voorwerp is swaar/lig? Waarom sê julle so?

Wys vir leerders die appel van speeldeeg. Een leerder bring sy/haar voorwerp na die balanseerskaal toe en voorspel of dit swaarder of ligter as die appel is.

- ✦ Voel dit swaar of lig?
- ✦ Waarom dink jy dis ligter/swaarder as die appel?



## WENK

Bring 'n paar ekstra voorwerpe vir leerders wat nie voorwerpe van die huis af kan bring nie.

Die leerder vergelyk die massa van die voorwerp en die appel en plaas dit in die tabel (sien bladsy 51) op grond daarvan of dit ligter of swaarder as die appel is.

- ★ Hoe sal julle weet wat swaarder/ligter as die appel is?
- ★ Watter voorwerpe is ligter/swaarder as die appel?
- ★ Wat is die swaarste/ligste voorwerp?

Herhaal 'n paar keer.

5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

## Dag 4

### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Een olifant het gaan stap* (bladsy 98)
- Tou of bordkryt
- 1 druiweteller uit die vrugtetellers (*Hulpbronstel*)
- Unifix-toring van 2 blokkies
- 1 klein houer vol klippies
- 1 groot houer vol polistireenskyfies
- Balanseerskaal

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Een olifant het gaan stap*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Hierdie aktiwiteit behoort buite gedoen te word. Maak 'n lang lyn met tou of bordkryt. Leerders staan agter die lyn. Sê 'n getal tussen 1 en 10. Leerders gee groot tree vorentoe terwyl hulle tot by die getal tel wat jy genoem het. Maak 'n merk vir die leerder wat die verste weg van die tou gekom het. Herhaal, en kyk of enige leerder verder kan kom as die gemerkte plek.
4. **Klein en swaar, groot en lig:** Plaas die druiweteller en 'n Unifix-toring van twee blokkies op die mat saam met die balanseerskaal.

#### Leidende vrae:

- ★ Watter een dink julle is swaarder? Waarom?
- 'n Leerder weeg die druiweteller en die Unifix-toring met die balanseerskaal.

- ★ Watter een is groter/kleiner?
- ★ Waarom dink julle is die druiweteller swaarder?

Plaas die twee houers met swaar en ligte voorwerpe (klippies en polistireenskyfies) op die mat.

- ★ Watter houer dink julle is swaarder? Waarom?
- ★ Is groter voorwerpe altyd swaarder as kleiner voorwerpe?

'n Leerder weeg die houers op die skaal.

- ★ Watter houer is groter/kleiner?
- ★ Watter houer is swaarder/ligter?
- ★ Waarom dink julle is dit so?

5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

### WENK

Leerders sal dalk sukkel om te verstaan dat 'n klein voorwerp swaarder as 'n groter voorwerp kan wees. Verwys hulle na die voorwerpe op die wiskundetafel.



## Dag 5

## Wat jy nodig het

- Liedjie: *Een olifant het gaan stap*
- Bottel vol water (bladsy 98)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Een olifant het gaan stap*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders soek 10 klein voorwerpe in die klaskamer. Hulle sorteer die voorwerpe in die vyf wat hulle dink die swaarste is en die vyf wat hulle dink die ligste is.
4. **Meer of minder as:** Plaas die bottel met water op die mat.

## Leidende vrae:

- ★ Watter voorwerpe in ons klaskamer dink julle weeg meer as/minder as hierdie bottel water?

Twee leerders soek elk een voorwerp in die klaskamer wat hulle dink meer weeg as die bottel water, en twee leerders soek elk voorwerpe wat hulle dink minder weeg as die bottel water.

- ★ Dink julle die voorwerp sal meer/minder as die bottel water weeg? Waarom?

Leerders gebruik die balanseerskaal om die massa van hul voorwerp met die massa van die bottel water te vergelyk.

- ★ Is die \_\_\_\_\_ swaarder/ligter as die bottel water?
- ★ Het julle reg geskat?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Integrasie

**Huistaal en Lewensvaardighede:** Inkorporeer “swaar” en “lig” by aktiwiteite vir Skeppende Kunste en Taal, byvoorbeeld, leerders gebruik mimiek om ligte en swaar voorwerpe te dra, te trek en te stoot, gee die byskrifte “lig” en “swaar” vir voorwerpe in die klaskamer, collage-aktiwiteite deur ligte (vere, papier, plastiek) en swaar (klei) materiale te gebruik.

## Kleingroepaktiwiteite

## Onderwyser-gerigte aktiwiteit

## Wat jy nodig het

- Balanseerskaal
- 40 Unifix-blokkies
- 40 vrugtetellers
- 'n Klip

1. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas die vrugtetellers en Unifix-blokkies in afsonderlike hopies op die mat. Leerders tel vyf vrugtetellers en vyf Unifix-blokkies uit en plaas dit in groepe op die mat.



2. **Skat massa:** Leerders werk in pare en kyk na 'n groep van vyf vrugtetellers en 'n groep van vyf Unifix-blokkies. Vra vir leerders watter groep tellers hulle dink meer sal weeg.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter groep dink julle is ligter/swaarder as die ander groep?
- ★ Waarom dink julle is die groep \_\_\_\_\_ swaarder?

Leerders maak beurte om 'n groep vrugtetellers in een hand en 'n groep Unifix-blokkies in die ander hand vas te hou en vergelyk hul massa.

- ★ Watter groep voel swaarder/ligter?
- ★ Waarom dink julle is dit ligter/swaarder as die \_\_\_\_\_?

3. **Gebruik 'n balanseerskaal om massa te bepaal:** Plaas die balanseerskaal op die mat.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoe kan ons uitvind watter een die swaarste van die twee groepe is?

Leerders werk in pare en gebruik die balanseerskaal om die massa van die voorwerpe met mekaar te vergelyk.

- ★ Watter groep dink julle is swaarder/ligter?
- ★ Weeg enige groepe dieselfde?
- ★ Hoe weet julle dit?
- ★ Het julle reg geskat?



Plaas die klip op die mat. Leerders voorspel of 'n Unifix-blokkie/ 'n druiweteller swaarder of ligter as die klip sal wees.

- ★ Waarom dink julle is dit ligter/swaarder as die klip?

Leerders maak beurte om die massa van die Unifix-blokkie/druiweteller met die massa van die klip te vergelyk.

- ★ Watter voorwerpe is ligter/swaarder as die klip?
- ★ Watter voorwerp is die swaarste/ligste?



**Maak seker leerders kan:**

- die massa van twee voorwerpe met mekaar vergelyk
- die massa van voorwerpe skat
- die balanseerskaal gebruik om die massa van voorwerpe met mekaar te vergelyk
- sê watter voorwerpe lig/swaar, ligter/swaarder, die ligste/swaarste is

## Werkstasie 1



### Wat jy nodig het

- 'n Vel A4-papier met prente van "swaar" en "ligte" voorwerpe
- 'n Vel A4-papier met kolomme vir "swaar" en "lig"
- Werklike "swaar" en "ligte" voorwerpe om by die prente op die vel A4-papier te pas
- Skêr
- Gom

Leerders besluit watter voorwerpe hulle dink swaar is en watter lig is. Hulle knip dan die prente uit wat by hierdie voorwerpe pas en plak dit in die gepaste kolomme.

## Werkstasie 2

### Wat jy nodig het

- Balanseerskaal
- Alledaagse voorwerpe wat geweeg kan word

Leerders gebruik die balanseerskaal om voorwerpe te weeg en sê vir mekaar watter swaarder of ligter is.



## Werkstasie 3

### Wat jy nodig het

- 5 houers van dieselfde grootte, gevul met verskillende materiale, byvoorbeeld, sand, knope, klein klippies, water, sade

Leerders rangskik die houers in volgorde van die swaarste tot die ligste.

## Werkstasie 4

### Wat jy nodig het

- Houer vol water/sand vir water- en sandspel
- Maathouers van verskillende groottes en vorms



Leerders vergelyk hoeveel water/sand die verskillende houers hou en vergelyk hul massa deur hierdie woordeskat te gebruik: lig/swaar, ligter/swaarder, ligste/swaarste. Leerders kan gesels oor watter houers meer, minder, dieselfde hoeveelheid water/sand hou en vergelyk watter houers ligter/swaarder is.



## WENK

**Vorbereiding vir Week 6:** Vra leerders om elkeen sewe leë plastiekkoele-drinkbottels van die huis af te bring vir aktiwiteite wat hulle in Week 6 sal doen. Die bottels kan verskillende groottes wees.

# Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

## Onderwerpe

- Herken en identifiseer getalsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle

## Nuwe kennis

- Getal 8
- Ordinale getalle: vyfde, laaste en volgende
- Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20, tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 1–7 in volgorde
- Ordinale getalle eerste tot vyfde
- Voeg by/vat weg
- Twee/drie meer/minder
- Vaslegging van getalkonsept 1–7

## Nuwe wiskunde-woordeboek

agt  
vierde  
vyfde

laaste  
hoeveel meer om ... te maak  
hoeveel is oor/bly oor

minste  
dieselfde  
presies

## Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 8 (bladsy 103)
- 4 kol-, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 8
- getalsimboolkaart vir 8 (getallelyn)
- groot kartontuitknipprente van 3 groot muise en 7 klein muisies
- verjaarsdagkaart
- kaart met dae van die week
- 10 bottels van verskillende groottes
- speeldeeg-patroontemplant: Getal 8 (bladsy 106) – 1 per leerder
- papier-/kartonstrok in die vorm van krone met 8 reghoekige vorms daarop – 1 per leerder



- stel kolkaarte van 1–8 – 1 per leerder



- jogurtbakkie met 8 wit boontjies. Merk een kant van elke boontjie met 'n swart merkpen – 1 bakkie per leerder
- 10 × 500 ml-koeldrankbottels en 5 kleiner leë koeldrankbottels wat jy versamel het
- 8 × 2 liter-koeldrankbottels halfvol sand (merk elke bottel met 'n groot getalsimbool en kol/kolle van 1 tot 8).



## Aktiwiteite vir die hele klas

### Dag 1

#### Wat jy nodig het

- Rympie: *Agt klein muisies* (bladsy 98)
- Uitknipprente van 1 groot muis en 7 klein muisies
- *Getal 8-storie* (bladsy 98)
- Getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 8 (bladsy 103)
- Verjaarsdagkaart
- Kaart met dae van die week

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Agt klein muisies*, op en gebruik die uitknipprente van die muisie.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Kyk na die verjaarsdagkaart en kaart met die dae van die week.

#### WENK

Plaas die kaarte op leerders se ooghoogte sodat hulle die inligting duidelik kan sien en idees met ander kan deel.

Maandag

Dinsdag


Woensdag

Donderdag

Vrydag

Saterdag

Sondag



**Leidende vrae:**

- ★ Is daar meer of minder as 10 maande van die jaar op die verjaarsdagkaart?
- ★ Is daar enige maande waarin daar 10 verjaarsdae is?
- ★ Hoeveel verjaarsdae is daar in \_\_\_\_\_?
- ★ In watter maand is die meeste/minste verjaarsdae?
- ★ Hoeveel verjaarsdae sal daar in \_\_\_\_\_ wees indien ons een/twee/drie name byvoeg/wegvat?
- ★ Is daar meer of minder as 10 dae van die week?


Tel saam en sê die name van die maande en dae van die week.

4. **Stel die getal 8 bekend:** Wys na die getalfriese vir 1–7.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel diere dink julle sal in die volgende huis woon?

Vertel die *Getal 8-storie*. Wys die verskillende voorstellings van die getal 8, byvoorbeeld, die prente, die kolle, die simbool en die woord. Voeg hierdie huis by die dierehuisfrieese. Tel saam die muisie. Dramatiseer die muisie se bewegings en geluide.



- ★ Hoeveel meer muisie is daar as paddas?

- ★ Watter huis het drie minder diere as die paddas se huis?

5. **Voeg die getal 8 by die getal-wasgoedlyn:** Wys vir die leerders die getalsimboolkaart vir 8.

**Leidende vrae:**

- ★ Waar moet ons die getal 8 op die getal-wasgoedlyn vasknyp?

Praat oor die posisie van die getal 8 in verhouding tot die getal 7: dit kom na die getal 7.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

**Dag 2****Wat jy nodig het**

- Rympie: *Agt klein muisies* (bladsy 98)
- Uitknipprente van 3 groot muisie en 7 klein muisies
- 4 kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 8
- Getallelyn

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Agt klein muisies*, op en dramatiseer dit deur die uitknipprente van die muisie te gebruik.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Wys uitknipprente van groot muisie en klein muisies.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel klein muisies/groot muisie dink julle is daar?
- ★ Hoeveel van elk is daar?

Tel saam die prente.

4. **Meer as, minder as, gelyk aan:** Kyk weer na die uitknipprente.

**Leidende vrae:**

- ★ Is daar meer/minder groot muisie of klein muisies?
- ★ As twee/drie/vier klein muisies weghardloop, sal daar dan dieselfde aantal groot muisie en klein muisies wees?

5. **Wiskundetafel:** Groepe van agt leerders versamel elk agt soortgelyke, klein voorwerpe. Elke groep sê watter voorwerpe hulle gevind het en hoeveel voorwerpe hulle gevind het. Gee vir elke groep 'n kol-, getalsimbool- of getalnaamkaart met die getal 8. Een groep op 'n slag plaas hul voorwerpe en kaart met die getal 8 op die tafel.

**Leidende vrae:**

- ★ Waar is die getal 8 op die getallelyn?
- ★ Kan julle dit in die lug/op 'n maat se rug teken?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



## WENK

As een groep minder as agt leerders het, help hulle om te besluit hoeveel voorwerpe hulle elkeen nodig het om altesaam agt te maak.

## Dag 3

### Wat jy nodig het

- Rympie: *Agt klein muisies* (bladsy 98)
- Uitknipprente van 3 groot muisie en 7 klein muisies
- 10 × 500 ml-bottels
- 8 × 2 liter-bottels
- Bal
- Kolkaarte van 1–8 (*Hulpbronstel*) teen die muur uitgestal

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Agt klein muisies*, op en dramatiseer dit met die uitknipprente van die muisie.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter muis is tweede, derde, vyfde?

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas 10 × 500 ml-bottels en 8 × 2 liter-bottels in afsonderlike groepe waar leerders dit kan sien.



**Leidende vrae:**

- ★ Watter groep het meer/minder bottels?
- ★ Hoe weet julle dit?

Tel nou saam die bottels in elke groep.

4. **Kolkaarte en plaas 1–8 in volgorde; kegels:** Plaas 8 genommerde 2 liter-bottels in die verkeerde volgorde in 'n ry op die vloer naby die kolkaarte wat teen die muur uitgestal is.

**Leidende vrae:**

- ★ Is hierdie bottels in die korrekte volgorde?

Plaas saam die bottels in die korrekte volgorde van 1 tot 8. Leerders maak beurte om die bottels met die bal om te gooi en sê watter getalle geval het.



- ★ Watter getal kom tussen 6 en 8; na 2; voor 5?
- ★ As jy die bottels met die getal 2 en 3 omstamp, hoeveel kolkaarte is dit altesaam? (Leerders wys na kolkaart 5.)
- ★ Hoeveel bottels bly staan?
- ★ Hoeveel moet julle nog omstamp om tot by 8 te kom?
- ★ Watter drie bottels kan ons kies as ons wil hê die getal kolle moet 8 maak?
- ★ Hoeveel bottels moet ons omstamp sodat daar presies dieselfde getal bottels plat lê as wat regop staan?
- ★ Hoeveel bottels sal oorbly as ek een wegvat?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

**Dag 4****Wat jy nodig het**

- Rympie: *Agt klein muisies* (bladsy 98)
- Uitknipprente van 8 muisie
- Prente van 8 eende
- Getalfriese 1–8
- 8 × 2 liter-bottels
- 10 × bottels van verskillende groottes
- Bal
- Getallelyn en getalsimbole van 1–8
- Kolkaarte vir 1–8

1. **Rympie:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 3.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas agt 2 liter-bottels in 'n groep en 10 bottels van verskillende groottes in 'n afsonderlike groep.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter groep het meer/minder bottels?
- ★ Hoeveel bottels dink julle is daar in elke groep?
- ★ Hoe kan ons uitvind?

Tel saam die bottels in elke groep.

4. **Ordinale getalle eerste tot vyfde:** Kyk na die getalfriese.

**Leidende vrae:**

- ★ Watte diere woon in die tweede huis, derde huis, vierde huis?



5. **Oefen en plaas getalle van 1–8 in volgorde; ordinale getalle eerste tot vyfde; kegels:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 3. Deel kolkaarte van 1–8 uit. Leerders sê watter kolkaart hulle het en pas dit by die bottels.

**Leidende vrae:**

- ✦ Kan julle die eerste/tweede/vyfde bottel omstamp?
- ✦ Kan julle vir my die eerste/tweede/vyfde getal op die getallelyn wys?
- ✦ Kan julle die eerste/tweede/vyfde bottel langs die eerste/tweede/vyfde huis plaas?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

### Integrasie

**Huistaal en Lewensvaardighede:** Plaas kegels in die wiskunde-area/ buite sodat leerders daarmee kan speel.

## Dag 5

### Wat jy nodig het

- *Rympie: Agt klein muisies* (bladsy 98)
- *Uitknipprente van 8 muisie*
- *Plakkaat 6*
- *Maskeerband/bordkryt*
- *'n Verskeidenheid bottels*

1. **Rympie:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 3.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas 'n verskeidenheid bottels in 'n groep.

**Leidende vrae:**

- ✦ Is daar meer/minder groot bottels?
- ✦ Hoeveel dink julle is daar?
- ✦ Hoe weet julle dit?

Tel saam die bottels.

4. **Springbaan 1–8:** Gebruik maskeerband of bordkryt om op die mat 'n leer te skep vir leerders om in te spring terwyl die klas van 1–8 tel.


**Leidende vrae:**

- ✦ Hoeveel spronge nog om tot by 8 te kom?
- ✦ Kan julle tot by die getal spring wat een meer/twee minder, twee meer/drie minder is as die getal waarop julle staan?
- ✦ Kan julle op die getal 4/6 staan en van daar af aan tel terwyl julle spring?

5. **Oefen 1–8:** Bespreek Plakkaat 6. Beweeg tussen die leerders deur om vir hulle die prent te wys.

**Leidende vrae:**

- ✦ Wat is die verskil tussen 'n eend en 'n baba-eendjie?
- ✦ Hoeveel eende/baba-eendjies kan julle sien?



- ✦ Is daar meer/minder eende op die plakkaat as op die getalfries?
- ✦ Indien twee baba-eendjies by die groot eend in die water aansluit, hoeveel eende en baba-eendjies sal daar wees?
- ✦ Hoeveel baba-eendjies stap in die ry?
- ✦ Hoeveel baba-eendjies sal daar wees as twee wegstap?
- ✦ Is daar meer/minder groot eende of hoenders?

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

## Kleingroepaktiwiteit

### Onderwyser-gerigte aktiwiteit

#### Wat jy nodig het

- Kol-, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir getalle van 1–8 (*Hulpbronsel*)
- Bal
- Speeldeeg
- Borde
- Papier
- Potlode
- 'n Houer per leerder met:
  - 10 tellers
  - Speeldeeg
  - 3 deksels
  - 'n Jogurtbakkie met boontjies met swart merkpen aan een kant gemerk
  - 5 dieretellers

1. **Mondelinge tel 1–20:** Leerders rol die bal vir mekaar terwyl hulle van 1 tot 20 (en verder as hulle kan) tel.
2. **Woordprobleme:** Gee vir die leerders probleme om op te los. Hulle kan die tellers in hul houer gebruik om die probleme voor te stel en hulle te help om dit op te los.

#### Leidende vrae:

- ✦ Daar is tien muise in 'n kas. As drie muise wegloop, hoeveel muise sal in die kas oorbly?
- ✦ As een muis terugkom, hoeveel muise sal in die kas wees?

Vra leerders om vir jou te vertel hoe hulle by hul antwoorde uitgekom het.

3. **Oefen 1–8; meer/minder/gelyk:** Wys 'n getalsimboolkaart van 1 tot 8. Leerders maak so gou hulle kan dieselfde getal balle met hul speeldeeg. Hulle soek die getalnaam- en kolkaart wat daarby pas. Vra leerders om twee deksels uit hul houers te haal. Hulle behoort twee balle op een deksel te sit en vier op die ander.

#### Leidende vrae:

- ✦ Watter deksel het meer/minder balle?
- ✦ Hoeveel meer/minder balle is op hierdie deksel?
- ✦ Voeg balle by die deksel met meer balle sodat daar twee meer as vier balle is. Hoeveel het jy bygevoeg?
- ✦ Vat balle weg van die deksel met minder balle sodat daar geen balle op is nie. Hoeveel het jy weggevat?

### WENK

Indien 'n leerder 'n fout gemaak het met die berekening, vra hulle of hulle tellers wil gebruik om vir jou te wys wat hulle gedoen het. Moenie bloot sê dat die leerder "verkeerd" is nie. Lei hulle na die korrekte antwoord.

Leerders maak elkeen agt balle. Plaas drie balle op een deksel en twee op die ander deksel.

- ★ Hoeveel van die groep van agt balle bly oor?
- ★ Wat moet ons doen sodat daar ewe veel balle op die deksels is?

Leerders haal die derde deksel uit. Hulle plaas een bal op die eerste deksel en drie balle op die tweede deksel.

- ★ Hoeveel balle moet op die derde deksel kom om altesaam agt balle te maak?

Herhaal met ander getalkombinasies.

4. **Oefen die getal 8 deur speeldeeg te gebruik:** Leerders maak die getalsimbool 8 uit speeldeeg. Help leerders wat gereed is om 8 te skryf.
5. **Skud-en-gooi-die-boontjies-speletjie:** Leerders haal hul jogurtbakkies uit hul houers. Hulle tel elkeen agt boontjies uit. Vestig hul aandag op die feit dat die boontjies aan een kant gemerk is. Vra leerders om die bakkie te skud en die boontjies uit te gooi.



**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel boontjies is wit? Hoeveel boontjies het 'n swart merk?
- ★ Hoeveel boontjies is daar altesaam?

Leerders skud en gooi weer die boontjies uit deur hul bakkies te gebruik en hulle sê: "Skud, skud, skud, en gooi." Hulle tel saam die boontjies.

Leerders vergelyk kombinasies van wit en swart-gemerkte boontjies om agt te maak. Herhaal 'n paar keer.

6. **Ordinale getalle eerste tot vyfde:** Leerders plaas die dieretellers in 'n ry wat na links kyk. Vra individuele leerders in watter posisie verskillende diere in hul ry staan.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter dier is eerste/derde/vyfde/laaste in die ry?
- ★ As jy \_\_\_\_\_ agter \_\_\_\_\_ inskuif, in watter posisie sal dit wees?



**Maak seker leerders kan:**

- mondeling van 1–20 en verder tel
- eerste tot vyfde, laaste identifiseer
- voorwerpe van 1–8 by getalsimbool-, kol- en getalnaamkaarte pas
- verskillende kombinasies wat 8 maak, identifiseer
- die getal 8 uit speeldeeg maak

## Werkstasie 1

### Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Speeldeeg-patroontemplant: Getal 8 (bladsy 106) – 1 per leerder

Leerders gebruik speeldeeg om die patroontemplant te voltooi.

## Werkstasie 2

### Wat jy nodig het

- Papier-/kartonstrokke met 8 reghoeke daarop – 1 per leerder
- Kryte
- Getalle van die getal-wasgoedlyn

Leerders kleur die korrekte getal reghoeke vir hul ouderdom in en skryf die getalsimbool wat daarby pas, neer. Hulle teken een prent in elkeen van die gekleurde reghoeke vir hierdie verjaarsdagkroon-“wenslys”.



## Werkstasie 3

### Wat jy nodig het

- 'n Stel kolkaarte (1–8)
- 'n Houer met 8 gekleurde tellers per leerder

Leerders neem elkeen 'n kaart en gebruik hul tellers om die rangskikking van kolle op die kaart te dupliseer. Hulle vergelyk kaarte om te kyk of hul getalle ooreenstem. Herhaal deur al die kaarte van 1 tot 8 te gebruik.

## Werkstasie 4

### Wat jy nodig het

- Groot getalsimboolkaart (Hulpbronstel)
- 'n Houer vir elke leerder met ten minste 36 tellers (Hulpbronstel)

Elke leerder vat 'n getalsimboolkaart. Hulle gebruik tellers om die getalsimbool te vorm. Hulle herhaal dit deur verskillende getalsimboolkaarte te gebruik.



### WENK

Bespreek wat elke groep op hul kroon-“wenslys” geteken het gedurende sessies met die hele klas.

# Fokus van Inhoudsarea: Datahantering

## Onderwerpe

- Versamel en sorteer voorwerpe
- Stel gesorteerde versamelings voorwerpe voor
- Bespreek gesorteerde versamelings voorwerpe en doen verslag daaroor

## Nuwe kennis

- Teken 'n prent om data voor te stel

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10
- Twee/drie meer/minder
- Meer, minder, gelyk aan
- Versamel, sorteer en stel versamelings voorwerpe voor

## Nuwe wiskunde-woordekat


hoort by

hoort nie by nie

## Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- prente van worsbroodjies, boerewors, vrugte en groente op karton vasgeplak
- prente van 'n rooi, blou, groen en geel hoed op karton vasgeplak
- klein kaartjie van 5 cm × 5 cm met 'n glimlaggende gesiggie (sien Kwartaal 2, Week 7) – 1 per leerder
- 'n klein rooi, blou, groen en geel papier-/kartonsirkel
- piktogram-patroontemblaat met 4 kolomme en plek vir kosprente/ gekleurde tellers onderaan die kolomme
- 'n A4-piktogramrooster met 3 kolomme en rooi, blou en groen blokkies in die laaste ry – 1 per leerder
- grafiekpapier met vrugte – 1 per leerder (sien bladsy 68)
- weerkaart vir die huidige maand waarop die daaglikse weer opgeteken word
- 'n naamkaartjie vir elke leerder
- prentkaarte om leerders se soorte skoene voor te stel: sandale; toe skoene met veters, Velcro of gespes



- uitknipprente van visse: 6 elk van oranje, rooi, blou en groen, met 'n skuifspeld aan elkeen vir die monde
- piktogramrooster van karton met dieselfde kleure as die visse – 1 per leerder
- 6 visstokke: stukkies tou met 'n magneet aan een punt
- 'n dobbelsteen met oranje, rooi, blou en groen kante (herhaal twee kleure).

## Aktiwiteite vir die hele klas

### Dag 1

#### Wat jy nodig het

- Plakkaat 7
- 4 prente: worsbroodjies, boerewors, vrugte, groente
- Kaartjies met glimlaggende gesiggies – 1 per leerder
- Piktogram-patroontemplant

1. **Liedjie/rympie:** Leerders kies 'n liedjie of rympie uit vorige weke.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders werk saam met 'n maat. Hulle kyk na mekaar en tel tot by 10 terwyl hulle:
  - ✦ hul regterhande teen mekaar klap
  - ✦ hul linkerhande teen mekaar klap
  - ✦ albei hul hande teen mekaar s'n klap.

4. **Versamel en sorteer data:** Gesels oor Plakkaat 7.

#### Leidende vrae:


- ✦ Watter kossoorte word by die mark verkoop?
- ✦ Watter kossoorte sou jy koop?

Wys die vier prente van die verskillende kossoorte. Plaas dit op elk van die vier hoeke van die mat. Leerders gaan sit langs die prent van die kos wat hulle sou koop.

- ✦ Van watter kossoort dink julle hou die meeste leerders die meeste/minste?
- ✦ Hoe weet julle dit?
- ✦ Hoe kan ons die glimlaggende gesiggies rangskik sodat ons maklik kan sien hoeveel leerders van elke kossoort hou?

Gee vir elke leerder 'n glimlaggende gesiggie.

5. **Voorstelling van data:** Plaas die kosprente onderaan die kolomme op die piktogram-patroontemplant. Leerders plaas hul kaartjies met die glimlaggende gesiggies een op 'n slag bo die prent van die kossoort wat hulle gekies het en voltooi so die piktogram.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



### WENK

Maak seker die glimlaggende gesiggies word netjies neergesit sodat daar geen spasies tussen hulle in die kolomme is nie.

## Dag 2

## Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf klein worsies* (bladsy 98)
- Weerkaart
- Plakkaat 7
- Piktogram uit Dag 1

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf klein worsies*, met vingerbewegings op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders staan en kyk na 'n maat met een hand agter hul rug. Wanneer 'n teken gegee word, wys elke leerder 'n aantal vingers. Die pare tel die totale getal vingers wat hulle wys. Herhaal die aktiwiteit met leerders wat elke keer 'n ander getal vingers wys.
4. **Lees en interpreteer data en doen verslag daaroor:** Gesels oor die weerkaart vir die maand.

## Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle vir my van hierdie maand se weer vertel?
- ★ Van watter soort weer het ons die meeste/minste?
- ★ Was daar meer sonnige dae of meer reëndae? Hoeveel meer? Hoe weet julle dit?

Leerders kyk na Plakkaat 7 en die piktogram van die kos uit Dag 1. Hulle vergelyk die lengte van die kolomme in die piktogram met mekaar en tel om uit te vind hoeveel van elke soort kos die leerders van hou.

- ★ Wat let julle op omtrent die piktogram?
- ★ Watter kolom is die langste/kortste? Wat beteken dit?
- ★ Hoeveel leerders het worsbroodjies/boerewors/vrugte/groente gekies?
- ★ Is daar meer/minder leerders wat worsbroodjies gekies het of meer/minder leerders wat boerewors gekies het? Hoeveel meer?
- ★ Het enige van die kolomme ewe veel?
- ★ Watter kossoort is die gewildste/ongewildste?
- ★ Wat sou gebeur indien nog twee leerders worsbroodjies/boerewors, ensovoorts, sou kies?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 3

## Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf klein worsies* (bladsy 98)
- 'n Naamkaartjie – 1 per leerder
- Prente van 4 hoede (rooi, blou, groen, geel)
- Storie: *Babalwa se hoed* (bladsy 98)
- Rooi, blou, groen en geel tellers (*Hulpbronstel*)
- 4 houers wat as volg gemerk is: rooi, blou, groen, geel
- 4 stroke wit papier
- Piktogram-patroontemplaats

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf klein worsies*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders staan in 'n kring en tel van 1 tot 10. Hulle klap elke keer as hulle 'n getal sê. Die leerder wat "10" sê, gaan sit en hulle begin weer van "1" af tel. Herhaal tot slegs een leerder bly staan.
4. **Voorstelling van data:** Vertel die storie, *Babalwa se hoed*. Kyk na die prente van die vier hoede. Bespreek watter kleur hoed leerders sou kies. Leerders kies 'n teller om te pas by die kleur van die hoed wat hulle gekies het. Hulle plaas die teller in die houer met die byskrif vir daardie kleur.

#### Leidende vrae:

- ★ Hoe kan ons uitvind hoeveel leerders van elke kleur hoed hou?
- Vra vier leerders om die tellers in elke houer in 'n ry op 'n strook papier te rangskik. Bespreek die data.



- ★ Hoeveel leerders hou van 'n rooi/blou/geel/groen hoed?
  - ★ Hoe kan ons uitvind wat die gunstelingkleur in ons klas is?
- Plaas 'n kleurteller in elk van die kleure in die laaste ry van die piktogram-patroontemblaat. Leerders plaas hul naamkaartjies op die piktogram in die kolom bo die kleur van die hoed wat hulle gekies het.



5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 4

### Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf klein worsies* (bladsy 98)
- Prente van 4 hoede (rooi, blou, groen, geel)
- Piktogram uit Dag 3

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf klein worsies*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.



3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Speel “Sizwe sê”, en roep uit watter voorwerpe in die klaskamer die leerders moet soek, aanraak en tel, byvoorbeeld drie stoele, tien kryte, twee vensters, een deur, agt skoene, vyf boeke.
4. **Bespreek die versameling en doen verslag daaroor:** Plaas die prente van die hoede teen die muur en vra leerders om jou te help om die storie van die hoede oor te vertel.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter kleur hoed dink julle het die meeste/minste leerders gekies? Waarom dink julle so?

Bespreek die piktogram uit Dag 3.

- ★ Wat vertel die piktogram vir ons?
- ★ Watter kolom is die langste?
- ★ Hoeveel leerders het daardie kleur hoed gekies?
- ★ Is daar enige kleure wat niemand gekies het nie?
- ★ Het meer leerders rooi of blou hoede, ensovoorts, gekies?
- ★ Is daar enige kleure wat ewe veel leerders gekies het?
- ★ Wat sou gebeur indien twee/drie minder leerders groen, ensovoorts, gekies het?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 5

### Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf klein worsies* (bladsy 98)
- Maskeerband of bordkryt
- Prentkaarte om leerders se verskillende soorte skoene voor te stel

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf klein worsies*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Vyf leerders staan voor in die klas.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel skoene is daar altesaam?
- ★ Hoeveel pare skoene is daar?

4. **Sorteer data:** Vra leerders om te sê of hulle sandale of toe skoene dra. As hulle toe skoene dra, het hulle skoene met veters, Velcro of gespes? Sê: “Ek wonder hoeveel leerders dra vandag sandale?” Leerders verdeel in groepe volgens die soort skoene wat hulle dra.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel leerders dra skoene met veters/Velcro/gespes?
- ★ Is daar meer/minder leerders wat skoene met veters/Velcro/gespes, ensovoorts, dra?
- ★ Is enige van die groepe gelyk?

### WENK

Indien leerders verskillende skoene skool toe dra, kan hulle hulself ook volgens skoenkleur groepeer.



5. **Organiseer data:** Leerders rangskik hulself in rye volgens hul skoensoorde.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter ry is die langste/kortste?
- ★ Wat sê dit vir ons?
- ★ Watter soort skoen word deur die meeste/minste leerders gedra? Hoe weet julle dit?
- ★ Het enige van die rye ewe veel leerders?

Tel saam die getal leerders in elke ry.

- ★ Hoeveel leerders is daar in hierdie ry?

Plaas prente van die skoensoorde in 'n ry op die mat. Leerders trek hul regterskoene uit en plaas dit in die kolom bo die prent wat hul skoen voorstel.

- ★ Watter kolom het die meeste/minste skoene?
- ★ Is daar meer leerders met sandale as leerders met skoene met veters, ensovoorts?
- ★ Hoeveel meer leerders het toe skoene as sandale, ensovoorts?

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

### Integrasie

**Huistaal:** Deel idees, Luister en Praat.

**Lewensvaardighede:** Sorteer voorwerpe wanneer julle opruim en wegpak.

## Kleingroepaktiwiteit

### Onderwyser-gerigte aktiwiteit

#### Wat jy nodig het

- 'n Houer per leerder met:
  - 10 Unifix-blokkies (rooi, blou en groen: 'n ander kombinasie vir elke leerder)
  - Stokkies om te tel
  - Gekleurde tellers
- 'n Houer met kryte per leerder met 'n versameling rooi, blou en groen kryte
- 'n A4-piktogramrooster per leerder met rooi, blou en groen blokkies in die onderste ry

1. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
2. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders tel elk 10 Unifix-blokkies uit hul houers uit. Hulle bou 'n toring.

**Leidende vrae:**

- ★ Uit hoeveel blokkies bestaan jul torings?
- ★ Hoeveel rooi/blou/groen blokkies is daar?
- ★ Is daar meer/minder rooi of blou blokkies?

3. **Versamel en sorteer voorwerpe:** Leerders besluit self hoe om al die voorwerpe (Unifix-blokkies, stokkies en tellers) in hul houers te sorteer.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter groepe kan julle met jul voorwerpe maak?
- ★ Hoe sorteer julle dit?
- ★ Waarom het jy jou \_\_\_\_\_ in hierdie groep geplaas?
- ★ Hoe is hierdie voorwerpe dieselfde?
- ★ Kan julle dit op 'n ander manier sorteer?

Leerders sorteer hul voorwerpe volgens 'n gegewe kenmerk (attribuut).

- ★ Kan julle jul voorwerpe volgens kleur/vorm/grootte sorteer?
- ★ Watter een hoort by/hoort nie by hierdie groep nie? Waarom?

 **WENK**

Herhaal met verskillende kleurkombinasies wat ooreenstem met die kleure van die Unifix-blokkies.

4. **Sortering, voorstelling en interpretasie van data:** Gee vir elke leerder 'n A4-piktogramrooster en 'n houër met rooi, blou en groen kryte. Leerders sorteer hul kryte volgens kleur.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan julle jul kryte volgens kleur sorteer?
- ★ Watter naam kan julle vir hierdie groep kryte gee?

Leerders tel hoeveel kryte daar in elke groep is. Hulle plaas die getal Unifix-blokkies in die bypassende kleur bo die bypassende kleur op hul piktogramroosters.

- ★ Is daar meer blou of groen/rooi kryte?
- ★ Van watter kleur kryt het julle die meeste/minste?
- ★ Hoeveel meer \_\_\_\_\_ kryte is daar as \_\_\_\_\_ kryte?



**Maak seker leerders kan:**

- voorwerpe volgens een of meer kenmerk (attribuut) met mekaar vergelyk, byvoorbeeld, kleur, grootte, soort
- voorwerpe in groepe sorteer volgens verskillende kenmerke (attribute)
- die kenmerke (attribute) van die gesorteerde voorwerpe beskryf
- verduidelik hoe hulle die voorwerpe gesorteer het
- besluit in watter kolom voorwerpe hoort
- weet "hoeveel" op grond van die data wat voorgestel word

## Werkstasie 1



### Wat jy nodig het

- 'n Houer per leerder met:
  - Dieretellers
  - Attribuutblokke
- Gekleurde tellers
- Gekleurde stokkies

Leerders sorteer die voorwerpe in hul houers volgens die verskillende kenmerke om groepe te maak.

## Werkstasie 2



### Wat jy nodig het

- 'n Dobbelsteen met oranje, rooi, blou en groen kante (herhaal twee kleure)
- 'n Lang stuk tou
- Per leerder:
  - Oranje, rooi, blou en groen visse
- 'n "Visstok"
- Karton-piktogramrooster met dieselfde kleure as die visse
- Tellers (oranje, rooi, blou en groen)

Maak 'n dammetjie met die tou. Plaas die visse in die dam. Leerders gooi die dobbelsteen en "vang" die vis wat by die kleur op die dobbelsteen pas. Hulle plaas 'n bypassende teller op hul piktogramrooster. Herhaal totdat leerders elk ses visse gevang het.

## Werkstasie 3




### Wat jy nodig het

- Blokkies van verskillende kleure en/of vorms
- Kryte
- Papier

Leerders sorteer die blokkies volgens vorm. Hulle teken 'n prent om te wys hoe die blokkies gesorteer is.

## Werkstasie 4



### Wat jy nodig het

- Kryte
- 1 houer vrugtetellers per leerder
- Grafiekpapier met vrugte – 1 per leerder

Leerders kleur die blokke in om te wys hoeveel van elke soort vrug hulle het.

# Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

## Onderwerpe

- Posisie, oriëntasie en aansigte
- Kenmerke van 2D-vorms en 3D-voorwerpe
- Volg rigtingaanwysings

## Nuwe kennis

- Posisie van voorwerpe in verhouding tot mekaar
- Pylkaart
- Kopieer en bou 'n konstruksie (prentkaarte)

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10
- Vorms: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek
- Bokse, balle
- Middellynkruising
- Posisie: vorentoe en agtertoe



## Nuwe wiskunde-woordeskat

pyl

buite

binne-in/in

## Maak gereed



Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 3D-voorwerpe om na te trek: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek – 1 per leerder
- A3-papier met vier rye en 'n vorm aan die begin van elke ry: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek
- vormrooster op die vloer (met maskeerband/bordkryt getrek) (sien bladsy 73)
- kartonboks met 'n deksel en 'n pop binne-in
- pylkaart
- 3D-blokkies/-voorwerpe, byvoorbeeld, 1 driehoek-attributblok, boublokke/bokse 3 met 'n vierkant-vorm en 2 met 'n reghoek-vorm, 4 blikkies/kartontoiletrolle – 1 per leerder
- tennisballe
- klein gekleurde uitknipprente: sirkels, vierkante, driehoeke en reghoeke
- Bingo-borde met vorms – 1 per leerder (bladsy 108)
- klein vormkaartjies (kopieë van elke vorm op die Bingo-borde).



### WENK

Leerders sal hierdie week posisie en rigting verder verken en behoort die rekkies/wolbandjies (wat in Week 4 gebruik is) te dra.

## Aktiwiteite vir die hele klas

### Dag 1

#### Wat jy nodig het

- Rympie: *Uit op 'n leeujaag* (bladsy 99)
- 'n Blikkie
- 10 attribuutblokke (*Hulpbronstel*)
- 3D-voorwerpe om na te trek: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek – 1 per leerder
- A3-papier met vier rye en 'n vorm aan die begin van elke ry: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek
- Musiekinstrument

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Uit op 'n leeujaag*, saam met die leerders op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in 'n kring. Laat val 'n aantal attribuutblokke tussen 1 en 10 een-een in 'n blikkie. Leerders tel terwyl hulle hoor hoe elke blok op die blikkie se bodem land. Herhaal.
4. **Kenmerke van vorms:** Plak die prent van 'n vierkant op.

#### Leidende vrae:

- ★ Wat is hierdie vorm?
- ★ Wat kan julle van hierdie vorm onthou?
- ★ Hoe weet julle dit is 'n vierkant?
- ★ Kan julle enige vierkantige voorwerpe in die klaskamer sien?

Terwyl musiek speel, beweeg leerders in die klaskamer rond en soek na vierkantige voorwerpe. Wanneer die musiek ophou, vat leerders die voorwerpe en bring dit na die mat toe.

- ★ Was dit maklik om hierdie voorwerp te vind? Waarom?/Waarom nie?
- ★ Hoeveel sye/hoëke/rande het dit?

Hulle trek die basis van die voorwerp op die rooster na.

- ★ Hoe is julle tekening dieselfde/verskillend van die \_\_\_\_\_ wat julle nagetrek het?

Die leerders wat die vierkante gevind het, gaan sit. Herhaal met elke vorm totdat al die leerders 'n beurt gehad het.

Kyk na die voltooide rooster.

- ★ Hoeveel sirkels/driehoeke/vierkante/reghoeke sien julle?
- ★ Van watter vorm het ons die meeste/minste?
- ★ Hoe is die vierkant/driehoek/sirkel dieselfde as/anders as die reghoek, ensovoorts?
- ★ Watter vorms het vier/drie sye?
- ★ Watter vorms het geen sye nie?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



#### WENK

Leerders behoort die vlak van elk van die 3D-voorwerpe te kan natrek.

## Dag 2

## Wat jy nodig het

- Rympie: *Uit op 'n leeujaag* (bladsy 99)
- Voorwerpe met driehoekige, vierkantige, sirkelvormige en reghoekige vorms
- Rekkies/wolbandjies – 1 per leerder
- Plakkaat 8

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Uit op 'n leeujaag*, op. Leerders klap met hul linkerhande op hul regterbobene om die ritme te hou. Sê die rympie 'n tweede keer op. Leerders klap met hul regterhande op hul linkerbobene.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas die bandjies om die leerders se regterhande. Leerders staan in 'n ry met hul bene uit mekaar. Hulle lig hul regterhande op, buig dan van hul middel af ondertoe en raak aan hul linkervoet met hul regterhand terwyl hulle tot by 10 tel. Herhaal, met leerders wat met hul linkerhand aan hul regtervoet raak.



4. **Kenmerke van vorms:** Steek 'n voorwerp met 'n driehoekige, vierkantige, sirkelvormige of reghoekige vorm agter jou rug weg. Beskryf die vorm. Byvoorbeeld:


- ★ Dit het drie sye en drie hoeke.
- ★ Dit het vier sye wat ewe lank is.
- ★ Dit het geen sye en geen hoeke nie. Dit is rond.

Leerders raai wat die vorm is. Die leerder wat reg raai, kry 'n beurt om 'n ander vorm agter sy/haar rug weg te steek en leidrade te gee. Help hulle deur vrae te stel, waar nodig.

Gesels oor Plakkaat 8.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter vorms kan julle sien?
- ★ Kan julle 'n vorm vind met drie/vier sye? Wat word dit genoem?
- ★ Hoeveel sye het hierdie venster? Watter vorm het dit?
- ★ Kan julle 'n vorm met twee lang sye en twee kort sye/vier sye wat ewe lank is, vind? Wat word dit genoem?
- ★ Watter vorm is die bakstene in die muur?
- ★ Waar kan julle roomys sien? Watter vorm is die horinkie/roomys?
- ★ Kan julle enige klein blou/geel vierkante sien? Tel dit.



5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

 **WENK**

Hierdie beweging versterk leerders se middellynkruising. Moedig ander bewegings aan, soos om afwisselend voete te stamp, van kant tot kant te wieg, "te swem" en "die trappe te klim" met links-regs-bewegings.

## Dag 3

## Wat jy nodig het

- Rympie: *Uit op 'n leeujaag* (bladsy 99)
- 2 dobbelstene
- Houer met attribuutblokke – 1 blok per leerder

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Uit op 'n leeujaag*, op. Leerders gee twee treë vorentoe en twee treë agtertoe om die ritme te hou.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in 'n kring en maak beurte om die twee dobbelstene te gooi. Al die leerders wys die getal vingers wat pas by die getal kolle op die dobbelstene en tel saam. Indien die totale getal kolle op die dobbelstene meer as 10 is, skree leerders “O, gits!” en stel voor wat hulle moet doen om hierdie probleem op te los (sluit hul neuse of ore in, gebruik hul tone, ensovoorts).
4. **Posisie: vorentoe en agtertoe:** Leerders dramatiseer *Uit op 'n leeujaag*. Elke keer as hulle die woorde, “O, gits!” hoor, gee leerders twee treë terug. Hulle hou aan om vorentoe te beweeg soos die storie voortgaan.
5. **Kenmerke van vorms:** Leerders sit in 'n kring. Stuur die houer rond sodat elke leerder 'n attribuutblok kan kies. Leerders wat die vorm gekies het wat jy beskryf, moet dit omhoog hou.

**Leidende vrae:**

- ★ Wie het 'n blou driehoek, ensovoorts?

Leerders gee hul attribuutblok vir die leerder aan hul linkerkant. Terwyl hulle dit doen, behoort hulle te dreunsing: “Kom ons vind uit watter vorm kom volgende. Kom ons vind uit watter vorm kom volgende, wat ek in my hand vashou.”

Herhaal met soortgelyke vrae. Byvoorbeeld:

- ★ Wie het 'n rooi vorm met geen sye nie?
- ★ Wie het 'n geel vorm met vier hoeke?
- ★ Wie het 'n groen vorm met twee lang sye en twee kort sye?
- ★ Wie het 'n vorm wat nie 'n vierkant is nie?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 4

## Wat jy nodig het

- Rympie: *Uit op 'n leeujaag* (bladsy 99)
- Vormrooster op die vloer
- Boublokkie vir elke leerder (dieselfde grootte en vorm)
- Bordkryt of maskeerband

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Uit op 'n leeujaag*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.

**WENK**

Doen hierdie aktiwiteit buite. Leerders behoort steeds vorentoe te kyk terwyl hulle agtertoe tree.



3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas 10 blokkies in 'n ry waar leerders dit kan sien.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel blokkies dink julle is daar in hierdie ry?

Leerders tel die blokkies. Plaas nog 10 blokkies onder die eerste ry, en spasieer hulle verder uitmekaar.

- ★ Dink julle daar is meer blokkies in die eerste of tweede ry?
- ★ Hoeveel blokkies dink julle is daar in die tweede ry?

Leerders tel die blokkies.



**WENK**

Hierdie aktiwiteit  
werk goed buite.

4. **Volg rigtingaanwysings:** Elke leerder behoort 'n blokkie te hê. Speel "Sizwe sê", en roep posisie-woorde uit, byvoorbeeld, Sizwe sê: "Sit jou blokkie:

- ★ op jou kop."
- ★ langs jou regter/linkervoet."
- ★ onder jou voet."
- ★ in jou skoot."
- ★ bo-op jou hand."
- ★ tussen jou bene."
- ★ voor jou bors."
- ★ agter jou rug."
- ★ onder jou knie."

5. **Vorm-bewegings:** Leerders maak beurte om die instruksies te volg en in die vormrooster op die vloer te beweeg.

- ★ Hop twee keer in elke driehoek.
- ★ Spring oor al die vierkante.
- ★ Staan in die middelste vorm.
- ★ Spring vyf keer op en af in die sirkel.
- ★ Draai links/regs en spring binne-in die volgende drie vierkante.
- ★ Hop met een voet oor elk van die onderste drie vorms.



6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 5

## Wat jy nodig het

- Rympie: *Uit op 'n leeujaag* (bladsy 99)
- Kartonboks met 'n deksel en 'n pop binne-in

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Uit op 'n leeujaag*, met aksies op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders vorm 'n ry en staan en sit afwisselend terwyl hulle tel. Sodra hulle tot by 10 getel het, begin hulle 'n nuwe ry.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel leerders is daar in die eerste/tweede/derde ry?
- ★ Watter ry het meer/minder leerders?
- ★ Hoeveel leerders sit/staan in die tweede ry?
- ★ Is daar meer leerders wat sit of staan?

4. **Posisie en rigting:** Plaas die toegemaakte boks met die pop op die mat.

**Leidende vrae:**

- ★ Wat dink julle is binne-in die boks?

Haal die pop uit die boks uit. Plaas dit in verskillende posisies. Leerders sê vir jou waar dit is, byvoorbeeld, onder/bo/op/in/agter/voor die boks.

- ★ Waar is die pop nou?



5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Kleingroepaktiwiteite

## Onderwyser-gerigte aktiwiteit

## Wat jy nodig het

- Verskeidenheid 3D-blokkies/-voorwerpe per leerder
- Stoele – 1 per leerder
- Tennisballe
- Kartonboks met 'n deksel
- Pylkaart
- Pop

1. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas blokkies op die mat. Leerders maak beurte om van 1 tot 10 te tel.



2. **Bou 'n vorm:** Bou 'n konstruksie op die mat met die 3D-blokkies/-voorwerpe.

**Leidende vrae:**

- ★ Wat kan julle vir my vertel van dit wat ek gebou het?
- ★ Watter vorms sien julle?
- ★ Kan julle jul blokkies op dieselfde manier rangskik?

Leerders bou dieselfde konstruksie met hul blokkies.

- ★ Watter voorwerpe het julle gebruik?
- ★ Is julle s'n dieselfde/nie dieselfde nie as myne? Waarom?

3. **Posisie:** Gee vir leerders instruksies om die pop in verskillende posisies te sit in verhouding tot die boks en om te sê waar die pop is. Herhaal met ander leerders.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan julle die pop voor/onder/langs/bo-op/agter die boks sit?

Leerders maak beurte om die pop in verskillende posisies te plaas en die res van die klas sê waar die pop is.

4. **Pylkaart:** Plaas die pylkaart teen die muur. Leerders sal in dieselfde rigting as die pyl beweeg.

**Leidende vrae:**

- ★ In watter rigting wys die pyl?
- ★ Hoe sal julle beweeg?

Oefen saam met die leerders al die rigtings en bewegings voordat die speletjie begin.

Wys na die pyl en gee rigtingaanwysings soos:

(Ry 1) Strek jul arms. → ← ↓ ↑

(Ry 2) Staan op 'n stoel en spring ↓, staan dan op die vloer

en spring. ↑ ← →

## WENK

Moedig leerders aan om rigting-woorde soos "links en regs", "vorentoe en agtertoe" te gebruik.

### Integrasie

**Huistaal:** Woordeskatontwikkeling.

**Lewensvaardighede:** Toiletroetine en stap na plekke toe/van plekke af.



### Maak seker leerders kan:

- 'n konstruksie bou deur 'n voorbeeld te kopieer
- die posisie van voorwerpe in verhouding tot mekaar beskryf
- posisie-woorde soos voor/onder/langs/bo-op/agter/binne-in/ buite gebruik
- gebruik rigting-woorde soos links/regs, op/af

## Werkstasie 1



### Wat jy nodig het

- Papier en gom
- Klein gekleurde uitknipprente: sirkels, vierkante, driehoeke en reghoeke

Leerders maak prente uit die vorms wat verskaf word, byvoorbeeld, 'n huis of 'n dier.

## Werkstasie 2

### Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Gekleurde stokkies (*Hulpbronstel*)

Leerders pak die stokkies in 'n vorm. Hulle druk die punte van die stokkies by die hoeke in 'n stukkie speeldeeg om die vorm in plek te hou.



## Werkstasie 3

### Wat jy nodig het

- Bingo-kaarte
- Tellers
- Bingo-borde met vorms


Leerders plaas die pakkie kaarte met die voorkant na onder in die middel van die tafel of vloer. Hulle maak beurte om 'n kaart te kies. Indien hulle 'n vorm kies wat op hul bord is, plaas hulle 'n teller op daardie vorm. Die eerste speler wat vier in 'n ry kry, wen.

## Werkstasie 4

### Wat jy nodig het

- Blokkies of voorwerpe met verskillende vorms

Leerders bou 'n konstruksie deur vier of vyf blokkies of voorwerpe te gebruik. Hulle maak beurte om die konstruksie wat 'n maat gemaak het, te kopieer.

 **WENK**  
Indien pennetjiesborde beskikbaar is, kan leerders vorms maak deur rekkies tussen die pennetjies te strek.



# Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

## Onderwerpe

- Beskryf, orden en vergelyk telgetalle met mekaar
- Verwantskappe tussen getalle
- Getalherkenning
- Los probleme in konteks op

## Nuwe kennis

- Geld – herken banknote
- Probleemoplossing met getalle van 1–8

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 1–8 in volgorde
- Ordinale getalle eerste tot vyfde
- Vaslegging van getalle 1–8
- Voeg by, vat weg
- Munte
- Groot, klein

## Nuwe wiskunde-woordeskat

banknoot  
leeu



renoster  
buffel

Nelson Mandela  
tel terug

## Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 10 balle speeldeeg wat in sellofaan/plastiek toegedraai is om soos “lekkers” te lyk
- 10 ruimteskepe wat uit papierborde gemaak is – elke ruimteskip moet 10 vensters hê
- 10 prente van vuurpyle



- 5 A4-grootte prente van items om te koop (uit tydskrifte)
- bruin en silwer kartonmunte: 10c, 20c, 50c, R1, R2, R5 (uit Kwartaal 2)
- 10 kartonbanknote, 2 van elk: R10, R20, R50, R100, R200 (bladsy 110–111)
- 10 herwonne inkopiehouers (voedselverpakking), byvoorbeeld, graankosboks, jogurtbakkie, ensovoorts
- 'n vel A4-papier/-karton met 'n groot reghoek op – 1 per leerder
- oranje speeldeeg
- 'n A4-patroontemelaar van 'n skilpad (bladsy 109) – 1 per leerder.

## Aktiwiteite vir die hele klas

### Dag 1

#### Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf blink munte* (*Aktiwiteitsgids: Kwartaal 2, bladsy 99*)
- 6 kartonmunte (uit *Aktiwiteitsgids: Kwartaal 2, bladsye 108–109*)
- Lekkers van speeldeeg gemaak
- 2 elk van 5 kartonbanknote (ongeveer A4-grootte) – plak een stel teen die muur, van die kleinste tot die grootste (bladsye 110–111)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Vyf blink munte*. Gesels oor die munte.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1. Tel van 1–10, maar laat 'n getal uit en/of sê een getal twee keer, ensovoorts.

#### Leidende vrae:

- ★ Hoe/waar het ek verkeerd getel?

Herhaal die aktiwiteit en laat ander getalle uit of herhaal ander getalle.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in 'n kring. Plaas tien speeldeeglekkers op die mat.

#### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel lekkers dink julle is daar?

Tel saam.

4. **Stel banknote bekend:** Wys vir die leerders die banknote.

#### Leidende vrae:

- ★ Waar het julle dit al voorheen gesien?
- ★ Weet enigiemand wat dit genoem word?
- ★ Het julle al ooit een hiervan gebruik? Waarvoor het julle dit gebruik?
- ★ Wat sien julle op die note?
- ★ Hoe is hierdie banknote dieselfde as/anders as die ander banknote?
- ★ Watter is kleiner/groter?
- ★ Hoeveel verskillende Suid-Afrikaanse banknote is daar?

Tel die banknote terwyl jy dit by die note teen die muur pas.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

### WENK

Plaas die vyf note en blanko velle papier in die wiskunde-area sodat leerders dinge wat hulle gekoop het (of wil koop) kan teken.

### Dag 2

#### Wat jy nodig het

- Rympie: *Ruimteskip* (bladsy 100)
- 10 speeldeeglekkers
- 2 stelle van 5 banknote
- 5 prente van items om te koop
- Wondergom

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Ruimteskip*, op.

### WENK

Gesels oor wat die ruimte is. Praat oor die sterre en planete wat ons in die aand kan sien. Vra leerders of hulle dink dit moontlik is om in die ruimte in te gaan en hoe hulle daar sal kom – in 'n ruimteskip. Vra leerders wat hulle dink hulle op die maan sal kan koop.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1. Begin by 5 en tel terug tot by 2, begin by 10 en tel terug tot by 6, ensovoorts.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in 'n kring. Plaas tien speeldeeglekkers en vyf banknote op die mat.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel banknote dink julle is daar?
- ★ Is daar meer/minder lekkers of banknote?
- ★ Hoeveel meer/minder banknote is daar as lekkers?
- ★ Hoe weet julle dit?

4. **Herken en pas banknote bymekaar:** Vyf leerders vind elkeen 'n prent van iets om te koop wat in die klaskamer weggesteek is. Vyf ander leerders maak beurte om 'n banknoot te kies om aan elke prent vas te heg. Vyf ander leerders maak beurte om te wys watter banknote teen die muur by elk hiervan pas.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter banknote is al of is nog nie gebruik nie?
- ★ Watter banknoot het die renoster daarop?

5. **Ordinale getalle eerste tot vyfde:** Kyk na die vyf banknote teen die muur.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter banknoot is eerste, tweede, ensovoorts, in die ry teen die muur?

Vyf leerders plaas die prente en banknote op die mat in volgorde om by die banknote teen die muur te pas.

- ★ Watter noot moet eerste, tweede, ensovoorts, kom?

Leerders wat nog nie 'n beurt gehad het nie, maak beurte om te spring. Vra byvoorbeeld vir hulle om van die eerste noot tot by die tweede noot na die vierde noot, ensovoorts, te spring. Plaas die banknote op die wiskundetafel.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



Maak seker dat die waarde wat aan die item toegeken word, toepaslik is, byvoorbeeld, 'n tafel kan R200 kos en 500 ml-koeldrank kan R10 kos.

## Dag 3

### Wat jy nodig het

- Rympie: *Ruimteskip* (bladsy 100)
- 10 ruimteskepe wat uit papierborde gemaak is en teen die muur geplak is
- 2 stelle van 5 banknote
- Getal-wasgoedlyn
- Kolkaarte, prentkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir getalle van 1–8 (*Hulpbronstel*)

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Ruimteskip*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Tien leerders staan en kyk na die papierbord-ruimteskepe teen die muur.

**Leidende vrae:**

- ★ Dink julle daar is genoeg ruimteskepe vir elke leerder om maan toe te gaan?

Tel die ruimteskepe.

4. **Voeg by/vat weg:** Kyk na die banknote teen die muur.

**Leidende vrae:**

- ★ As ek een/twee note wegvat, hoeveel sal teen die muur oorbly? Hou vyf banknote in 'n waiervorm in jou hand.
- ★ Is daar meer/minder teen die muur of in my hand?
- ★ As ek nog 'n noot by dié in my hand bysit, hoeveel note sal ek vashou?
- ★ Wat is die name van die note wat teen die muur is?



5. **Plaas getalle van 1–8 in volgorde:** Leerders sit in 'n kring. Flits vinnig kolkaarte van 1–8 vir leerders om te identifiseer. Deel kol-, prent-, getalsimbool- en getalnaamkaarte uit. Staan in die middel van die kring met jou oë toe. Lig albei arms op en draai, met jou hande wat uitwaarts wys. Die leerders na wie jy wys wanneer jy jou oë oopmaak, pas hul kaarte by die getalle op die getal-wasgoedlyn. Herhaal, en gee 'n paar leerders 'n kans om te wys. Leerders maak beurte om hul prent-, kol- en getalkaarte in volgorde van 1–8 op die mat te plaas.



**Leidende vrae:**

- ★ Watter getal kom tussen 3 en 5, voor 8, na 6, is 3 minder as 4, twee meer as 5, ensovoorts?
  - ★ Hoe weet ons dat die prent met vier kameelperde ná die prent met die drie meerkatte behoort te kom, ensovoorts?
  - ★ As ons 2 aantal van 3 af, hoeveel sal ons hê?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 4

### Wat jy nodig het

- Rympie: *Ruimteskip* (bladsy 100)
- 10 prente van vuurpyle
- 5 stoele, elk met 'n banknoot daaraan vasgeplak
- Tamboeryn
- Kolkaarte van 1–8

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Ruimteskip*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.



## WENK

Gesels oor vuurpyle en ruimteskepe en hoe leerders dink dit sal wees om in een maan toe te gaan.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Kyk na die prente van 10 vuurpyle en 10 ruimteskepe.

**Leidende vrae:**

- ★ Is daar meer/minder vuurpyle of ruimteskepe?
- ★ Hoeveel van elk dink julle is daar? Kom ons tel.

4. **Herkenning van banknote:** Plaas vyf stoele op die mat, elk met 'n banknoot daaraan vasgeplak. Verduidelik vir die leerders dat dit hul "banke" is. Verduidelik wat 'n bank (vir geld) is. Leerders sit in hul groepe langs 'n stoel met 'n banknoot, byvoorbeeld, R10, R20. Speel die tamboeryn terwyl hulle tussen die "banke" rondbeweeg. Wanneer die musiek ophou, keer hulle terug na hul "bank". Herhaal.

Wanneer die musiek ophou, wys twee note, byvoorbeeld, R50 en R200. Hierdie groepe ruil plekke. Herhaal.

- ★ Hoeveel leerders sit by jou "bank"?



5. **Voeg by/vat weg:** Gesels oor die verskillende "banke".

**Leidende vrae:**

- ★ As ek twee leerders wegvat van die "R100-bank", hoeveel sal daar by hierdie bank oorbly?
- ★ As ek een leerder by die "R50-bank" voeg, hoeveel sal daar by hierdie bank sit?

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

## Dag 5

### Wat jy nodig het

- Rympie: *Ruimteskip* (bladsy 100)
- 10 herwonne inkoopiehouers (voedselverpakking), byvoorbeeld, graankosboks, jogurtbakkie, ensovoorts
- Maskeerband/bordkryt
- Plakkaat 1

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Ruimteskip*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plak 'n paar inkoopiehouers teen die muur vas en plaas ander op die wiskundetafel.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel inkoopiehouers sien julle op die tafel/teen die muur? Tel saam.
- ★ Het julle te veel/te min geskat?



4. **Springbaan:** Gebruik maskeerband/bordkryt om 'n getalleer van 1–8 te skep. Leerders maak beurte om te spring terwyl die klas van 1–8 tel.

Leerders staan op die getal 5 en spring tot by die getal 8.

**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel keer het julle gespring?

5. **Oefen 1–4:** Gesels oor Plakkaat 1. Gesels oor dit wat leerders kan sien.



**Leidende vrae:**

- ★ Wat sien julle in die prent wat julle of jul families al voorheen gekoop het?
  - ★ Dink julle daar is genoeg lemoene vir elke persoon in die familie?
  - ★ Hoeveel lemoene moet hulle nog koop sodat daar vir elkeen een is?
  - ★ As daar twee klein bakkies jogurt in die yskas is en elkeen wil een hê, hoeveel moet hulle nog koop?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

### Integrasie

**Huistaal:** Los probleme op en verduidelik oplossings.

**Lewensvaardighede:** Aanvangskennis, Persoonlike en Sosiale Welsyn.

## Kleingroepaktiwiteite

### Onderwyser-gerigte aktiwiteit

#### Wat jy nodig het

- Plakkaat 7
- 5 banknote (R10, R20, R50, R100, R200)
- 8 speeldeegmatte
- 'n Houer per leerder met:
  - 10 struktuurkrale
  - 8 vrugtetellers (*Hulpbronsel*)

1. **Probleemoplossing:** Bespreek Plakkaat 7.

**Leidende vrae:**

- ★ Daar is vier pynappels op die tafel. Pappa koop drie van die pynappels. Hoeveel pynappels sal op die tafel oorbly?
- ★ Pappa koop twee sakke lemoene. Hoeveel lemoene koop hy?
- ★ Die vrugteverkoper het drie waatlemoene gehad. Nou het sy een. Hoeveel het sy verkoop?

## WENK

Moedig leerders aan om vir jou die totale getal krale te wys sonder om in ene te tel.

## WENK

Leerders gebruik tellers om die probleme op te los. Vra leerders hoe hulle hul antwoorde gekry het en laat hulle hul redenering verduidelik. Leerders het tyd nodig om te verduidelik hoe hulle geredeneer het en om te luister na die strategieë van ander in die groep.

2. **Struktuurkrale:** Wys vir die leerders 'n aantal struktuurkrale tussen 1 en 10, byvoorbeeld, 6, 3, 7, 4 en 8. Flits dit vir 'n paar sekondes en steek dit dan weg.

### Leidende vrae:

- ★ Hoeveel krale het julle gesien?

Vra leerders om 'n getal krale tussen 1 en 6 te wys.

3. **Vrugte op borde:** Leerders gebruik die agt vrugtetellers in hul houers om die probleme op te los.

### Leidende vrae:

- ★ Elke vrug het 'n bord nodig. Hoeveel borde het julle nodig?
  - ★ Elke bord moet twee vrugte kry. Hoeveel borde sal julle nodig hê?
  - ★ As julle twee borde het, hoeveel vrugte kan julle op elke bord sit?
- Leerders vergelyk en bespreek hoeveel vrugte hulle op elke bord sal sit.

4. **Banknote:** Steek 'n noot onder 'n stuk papier weg.

### Leidende vrae:

- ★ Die banknoot onder die papier is groen en het 'n prent van 'n renoster op. Wat word hierdie banknoot genoem?

Gee vir leerders elkeen 'n beurt om 'n banknoot weg te steek en te beskryf.



### Maak seker leerders kan:

- probleme van 1–8 oplos
- banknote herken, by mekaar pas en beskryf

## Werkstasie 1

### Wat jy nodig het

- Kryte, kleurpotlode
- Banknote
- A4-karton met 3 reghoeke – 1 per leerder
- 'n Skêr – 1 per leerder

## WENK

Leerders kan hul eie banknote maak wat hulle byvoorbeeld "op die maan" sou wou gebruik.

Leerders knip die reghoeke uit. Hulle kyk na die banknote en skep hul eie banknote deur prente aan albei kante te teken en 'n getal aan een kant van elke reghoek neer te skryf.



## Werkstasie 2

### Wat jy nodig het

- Tellers
- Dobbelstene – 1 per leerder
- 'n Vel A4-papier – 1 per leerder
- Kryte
- Speeldeeg
- Getal 2-kolkaart (uit die *Hulpbronstel*) – 1 per leerder

Leerders teken 'n inkopiemandjie op die vel A4-papier. Hulle gooi 'n dobbelsteen en voeg twee by die aantal kolle wat die dobbelsteen wys. (Hulle kan 'n getal 2-kolkaart gebruik om hulle te help.) Hulle rol hierdie getal balle uit speeldeeg en pak die balle (vrugte) in die mandjie. Hulle herhaal die aktiwiteit.

## Werkstasie 3

### Wat jy nodig het

- 'n A4-patroontemblaat van 'n skilpad (bladsy 109) – 1 per leerder
- Gekleurde tellers (*Hulpbronstel*)
- Kolkaarte vir 1–8 (*Hulpbronstel*)
- Kryte

Plaas die kolkaarte met die kolle na onder op die tafel. Leerders draai 'n kolkaart om. Hulle vind die stukkie van die skilpad se dop met dieselfde getal kolle daarop en plaas die korrekte getal tellers op hierdie kolle. Hulle herhaal die aktiwiteit en kleur die kolle in terwyl hulle tel.



## Werkstasie 4

### Wat jy nodig het

- Getalsimbool- en prentkaarte vir getalle van 1–8 (*Hulpbronstel*) vir elke leerder
- Braai-/slaai-tangetjie vir elke leerder
- Houtblokkies

Plaas getalkaarte met die getalle na onder op die mat. Leerders draai 'n kaart om en gebruik die tangetjie om daardie getal blokkies op die kaart op mekaar te stapel.



# Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

## Onderwerpe

- Beskryf, orden en vergelyk telgetalle met mekaar
- Verwantskappe tussen getalle
- Getalherkenning
- Los probleme in konteks op

## Nuwe kennis

- Groepering, half/helfte
- Tot drie meer (gebruik kolkaarte)
- Orden versamelings van kleinste tot grootste

## Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 1–8 in volgorde
- Probleemoplossing met getalle van 1–8
- Vaslegging van getalkonsep 1–8
- Meer, minder, meeste, minste, gelyk
- Twee/drie meer/minder

## Nuwe wiskunde-woordeskat

half/helfte

## Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- plakkers/kaartjies met klein glimlaggende gesiggies – 1 per leerder
- 36 klein diereprentkaarte, elk met 'n dier uit die friese (d.i. een kaart met 'n olifant, twee kaarte elke met een sebra, drie kaarte elk met een meerkat, ensovoorts)
- 8 papier-/kartonuitknipprente van sirkels (40 cm in deursnee)
- 2 klein uitknipprente van sirkels: rooi en groen
- koevert waarin kolkaarte kan pas
- 8 houers wat gemerk is van 1–8 vir prente van diere
- koeverte, elk met 'n leerder se naam en 5 getalsimboolkaarte (vir getalle tussen 1 en 8) – 1 per leerder
- blomkoppe met getalle 1–8 daarop en 30 blomblare per leerder
- klein sellofaan-/foelie-vierkante om lekkers in toe te draai – 30 per paar leerders
- speeldeeg
- 8 klein plastiek-ritssluitsakkies, wat van 1–8 gemerk is per paar leerders
- blanko kaartjies (5 × 5 cm) – 8 per paar leerders
- 4 stelle getalsimboolkaarte vir getalle van 1–8.

## Aktiwiteite vir die hele klas

### Dag 1

#### Wat jy nodig het

- Rympie: *Ruimteskip* (bladsy 100)
- 10 ruimteskepe, elk met 10 vensters (uit Week 9)
- Plakkers/kaartjies met klein glimlaggende gesiggies – 1 per leerder
- 2 hoelahoepels
- 8 kaartjies met prente van muise
- 2 klein uitknipprente van sirkels: rooi en groen

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Ruimteskip*, uit Week 9 op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in 'n kring. Tel saam die ruimteskepe terwyl julle dit in 'n sirkel op die mat pak. Deel vir elke leerder 'n plakker/kaartjie met 'n glimlaggende gesiggie uit. Leerders maak beurte om hul plakker op die vensters van die eerste/tweede/derde, ensovoorts, ruimteskip te plak. Hulle tel van 1–10 terwyl hulle dit doen.



#### WENK

Verduidelik dat leerders sal aanhou om op ander dae gedurende die week "mense" in die ruimteskepe te sit.



#### Leidende vrae:

- ★ Hoe sal ons weet wanneer daar 10 "mense" in die eerste ruimteskip is?
- ★ Hoe sal ons weet wanneer ons "mense" in die tweede ruimteskip moet begin sit?
- ★ Dink julle ons sal genoeg plakkers vir die tweede ruimteskip hê?
- ★ Hoeveel ruimteskepe het plakkers/het nog plakkers nodig?

Tel saam die mense in die ruimteskepe.

4. **Groepering; stel half/helfte bekend:** Gee vir agt leerders elk 'n prent van 'n muis. Plaas twee hoepels op die mat.

#### Leidende vrae:

- ★ Hoe kan ons seker maak dat daar ewe veel muise in elke hoepel is? Leerders sit vier muise in een hoepel en vier muise in die ander hoepel. Verduidelik dat wanneer ons ewe veel muise in elke hoepel sit, ons sê die helfte van die muise is in die een hoepel, en die helfte van die muise is in die ander hoepel.



#### WENK

Die prente van die muise kan aan 'n kroon vasgesteek word vir 'n bietjie ekstra pret.



Speel hierdie reënspeletjie. Leerders wat in die kring sit, tik teen die vloer om die geluid van reëndruppels te maak. Die agt leerders huppel om en tussen die hoepels deur die reën. Wanneer jy 'n rooi sirkel wys, hou die reën op. Die helfte van die leerders staan in een hoepel en die ander helfte in die ander hoepel. Wys die groen sirkel wanneer die reën weer moet begin.









5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

## Dag 2

### Wat jy nodig het

- 10 ruimteskepe
- Plakkers/kaartjies met klein glimlaggende gesiggies – 1 per leerder
- Liedjie: *Agt olifante* (bladsy 100)
- 36 dierekaarte
- Wondergom
- 2 uitknipprente van sirkels

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Agt olifante*. Verwys na die getalfries terwyl julle sing. Dramatiseer verse 1 en 2.

1 • een		2 •• twee		3 ••• drie		4 •••• vier	
5 ••••• vyf		6 •••••• ses		7 ••••••• sewe		8 •••••••• agt	

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 1. Leerders maak beurte om hul plakker/kaartjie op die ruimteskepe se vensters vas te plak.
4. **Groepering; half/helfte:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 1 deur die ses prentkaarte van eende te gebruik. Doen dan die aktiwiteit met die vyf prentkaarte van apies.

#### Leidende vrae:

- ★ Kan die helfte van hierdie groep apies in een hoepel staan en die ander helfte in die ander hoepel?
- ★ Waarom nie?
- ★ Waar sal een apie moet staan?

Herhaal met ander groepe diere.

5. **Groepering; half/helfte – prente:** Plaas twee uitknipprente van sirkels teen die muur. Gee vir agt leerders elk 'n muiskaart.

#### Leidende vrae:

- ★ Kan julle die helfte van die muise in een sirkel sit en die helfte van die muise in die ander sirkel?

Herhaal die aktiwiteit met die sewe prentkaarte van paddas.

#### Leidende vrae:

- ★ Waarom kan ons nie die helfte van hierdie groep paddas in elke sirkel plaas nie?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

### WENK

Plaas die verskillende dierekaarte in houers en plaas 'n houer met Unifix-blokkies op die wiskundetafel. Leerders kan die Unifix-blokkies in gelyke groepe rangskik om by die getal diere in elke houer te pas.

## Dag 3

## Wat jy nodig het

- 10 ruimteskepe
- Plakkers/kaartjies met glimlaggende gesiggies – 1 per leerder
- Liedjie: *Agt olifante* (bladsy 100)
- Speletjie: Ek skryf vir my maat 'n brief (bladsy 100)
- 30 getalsimbool-, kol-, prenten getalnaamkaarte vir getalle van 1–8 (*Hulpbronstel*)
- Koevert met twee kolkaarte vir 1–4 (*Hulpbronstel*)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Agt olifante*. Dramatiseer verse 3 en 4.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 1. Leerders maak beurte om hul plakker/kaartjie op die vensters van die ruimteskepe te plak.

**Leidende vrae:**

- ★ In hoeveel ruimteskepe moet daar nog mense kom?
- ★ Hoeveel ruimteskepe het reeds tien mense?
- ★ Dink julle ons sal môre klaar wees om mense in die tien ruimteskepe te sit?
- ★ Waarom sê julle so?

Tel die mense in elk van die “voltooide” ruimteskepe van 1–10.

4. **Oefen 1–8, kolkaartspeletjie:** Leerders sit in 'n kring. Deel 'n getalsimbool- of getalnaamkaart van 1–8 vir elke leerder uit. Speel die speletjie, Ek skryf vir my maat 'n brief. Plaas twee kolkaarte tussen 1 en 4 in 'n koevert. Een leerder loop buite-om die kring terwyl die klas die rympie opsê. Die leerder laat val die koevert agter 'n ander leerder en hardloop om die kring. Die leerder agter wie die koevert geval het, tel dit op, jaag die leerder wat dit laat val het, en maak dit dan oop. Sy/hy hou een kaart op, dan die ander kaart en dan albei kaarte. Vra vir al die leerders die volgende vrae:

- ★ Wie het 'n getal wat pas by die getal kolle op die kaart wat \_\_\_\_ vashou?
- ★ Wie het 'n getal wat pas by die getal kolle op albei hierdie kaarte saam wat \_\_\_\_ vashou?

Leerders hou hul getalsimbool- of getalnaamkaarte bo hul koppe en sê die getal.

Verander die kolkaarte in die koevert. Leerders speel weer, Ek skryf vir my maat 'n brief.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

 **WENK**

Dit is die beste om hierdie speletjie buite te speel sodat leerders plek het om buite-om die kring te hardloop.



## Dag 4

## Wat jy nodig het

- Liedjie: *Agt olifante* (bladsy 100)
- Speletjie: Ek skryf vir my maat 'n brief (bladsy 100)
- Koevert met twee kolkaarte van 1–4 (*Hulpbronstel*)
- Kombers (grootte hang af van die beskikbare ruimte)
- Getallelyn
- 8 houers wat van 1–8 gemerk is, met diereprentkaarte binne-in
- Getalprentkaarte van 1–8 (*Hulpbronstel*)
- 8 uitknipprente van sirkels

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Agt olifante*. Dramatiseer verse 5 en 6.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas die kombers op die mat. Leerders sit om die rand van die kombers.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan julle 10, 3, 7 vingers; 2 voete; 5 tone op die kombers sit?

Vra tien leerders om elk een vinger op die kombers te sit; vra tien leerders om elk een voet op die kombers te sit; vra tien leerders om elk een hand op die kombers te sit, ensovoorts.

- ★ Hoeveel vingers/hande/voete is daar nou op die kombers?

4. **Oefen 1–8:** Herhaal die speletjie, Ek skryf vir my maat 'n brief, uit Dag 3. Leerders wys die getalsimbool op die getallelyn om die totale getal kolle van die twee kolkaarte in die koevert te wys.

**Leidende vrae:**

- ★ Kom hierdie getal voor of na 8/5, ensovoorts?

5. **Orden versamelings; kleinste tot grootste:** Plaas houers met 1–8 daarop en diereprentkaarte binne-in rond en bont op die mat. Leerders neem elkeen 'n diereprentkaart uit die agt houers. Plaas agt uitknipprente van sirkels rond en bont op die mat. Hou 'n getalprentkaart op en plaas dit langs een van die sirkels. Leerders met bypassende diereprentkaarte plaas hul kaarte op daardie sirkel.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter groep diere het die minste/meeste kaarte?
- ★ Watter groepe het minder/meer kaarte as die groep met die apies?
- ★ Watter groep het 'n paar/baie kaarte?
- ★ Hoe kan ons hierdie groepe kaarte rangskik van die groep met die minste kaarte/die kleinste groep, tot by die groep met die meeste kaarte/die grootste groep?

Leerders gee voorstelle terwyl jy die groepe orden.

Skommel die volgorde waarin die houers geplaas is.

**Leidende vrae:**

- ★ Wat moet ek doen om die houers in dieselfde volgorde as die groepe in die sirkels te plaas?
  - ★ Moet hulle in dieselfde volgorde wees? Waarom?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

**Dag 5****Wat jy nodig het**

- Liedjie: *Agt olifante* (bladsy 100)
- Speletjie: Ek skryf vir my maat 'n brief (bladsy 100)
- Koevert met twee kolkaarte van 1–4 (*Hulpbronstel*)
- 'n Stel kolkaarte met 1, 2, 3 en 4 (*Hulpbronstel*)
- Maskeerband/bordkryt

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Agt olifante*. Dramatiseer verse 7 en 8.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 4.
4. **Springbaan:** Gebruik maskeerband/bordkryt om 'n getalleleer met getalle van 1–8 te maak. Leerders spring terwyl die klas van 1–8 tel.

**Leidende vrae:**

- ★ Kan jy op die getal 7 staan en terugspring na die getal 1, ensovoorts?
5. **Oefen 1–8; optel; meeste/minste:** Herhaal die speletjie, Ek skryf vir my maat 'n brief, uit Dag 3 deur getalsimbool-, prent- en kolkaarte van 1–8 en twee kolkaarte in 'n koevert te gebruik.

Wanneer die leerder die twee kolkaarte uit die koevert vir die klas wys, gebruik dan drie ander kolkaarte om dieselfde totaal voor te stel, byvoorbeeld, twee kolle en vyf kolle kan ook gewys word as een kol, vier kolle en twee kolle, ensovoorts.

**Leidende vrae:**

- ★ Watter van hierdie drie kaarte het die meeste/minste kolle?
  - ★ Watter het minder as hierdie een?
  - ★ Hoeveel minder het dit?
- Hou een kolkaart op.
- ★ As ons die kolle op hierdie kaarte bytel by die kaarte wat \_\_\_\_\_ vir ons wys, hoeveel kolle is daar altesaam?
  - ★ Wie het 'n getalkaart wat by hierdie getal pas?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

**Integrasie**

**Huistaal:** Ontluikende Skryf.

**Lewensvaardighede:** Skeppende Kunste (visuele en uitvoerende kunste).

**WENK**

Die drie kaarte moet saam agt maak.

## Kleingroepaktiwiteite

### Onderwyser-gerigte aktiwiteit

#### Wat jy nodig het

- Plakkaat 5
- Houer met gekleurde tellers
- Kol-, prent- en getalsimboolkaarte vir getalle van 1–8 (*Hulpbronstel*)
- 'n Houer per leerder met:
  - Tussen 1 en 10 tellers
  - Getalsimbool- en getalnaamkaarte vir getalle van 1–8 (*Hulpbronstel*)
- 2 plastiekdeksels per leerder

1. **Probleemoplossing:** Bespreek Plakkaat 5. Gesels oor die klippe in die rivier.  
**Leidende vrae:**
  - ★ Hoe kan julle die rivier oorsteek as julle nie jul skoene wil nat kry nie?
  - ★ Hoeveel klippe sien julle in die rivier?
  - ★ Mamma loop oor die helfte van die klippe. Hoeveel klippe het sy nog nodig om die rivier oor te steek?
2. **Meer/minder, meeste/minste, gelyk:** Sit op 'n kombes. Leerders plaas hul tellers in 'n houpie voor hulle. Maak of julle 'n piekniek hou en dat die tellers lekkers is.  
**Leidende vrae:**
  - ★ Wie het die meeste/minste lekkers?
  - ★ Wie het meer as vier/minder as vyf lekkers?
  - ★ Kan julle vir my ses lekkers, minder/meer as ses lekkers wys?
  - ★ Het enige van julle ewe veel lekkers?
  - ★ Kan julle twee groepe met die helfte van jul lekkers in elke groep maak?
 Herhaal met ander getalle.
3. **Tel voorwerpe:** Kan julle enigiets op Plakkaat 5 sien wat pas by die getal lekkers wat julle het?
4. **Oefen 8 – kol-, prent- en getalsimboolkaarte:** Wys vir die leerders die kolkaarte, een op 'n slag. Elke leerder kry 'n beurt om die getal uit te roep wat elke kaart voorstel en wys dan na 'n getalsimbool- of prentkaart wat daarby pas.
5. **Oefen 8 – getalsimbool-, getalnaamkaarte en tellers:** Leerders rangskik hul getalsimbool- en getalnaamkaarte in volgorde van kleinste tot grootste van 1–8 met tellers (lekkers) wat daarby pas.

#### Leidende vrae:

- ★ Watter groep het 7/5/8 lekkers?
- ★ Watter groep lekkers het drie minder as/twee meer as die een met ses lekkers?
- ★ Watter groep het die meeste/minste lekkers?



 **WENK**

Laat leerders toe om elk meer as twee deksels te gebruik. Laat hulle skud en breek en die getal lekkers op die deksels vergelyk.

6. **Skud en breek:** Leerders gebruik agt lekkers om te skud en breek. Bespreek elke leerder se kombinasie van tellers terwyl hulle vergelyk hoe hulle die versameling van agt lekkers opgebreek het.



**Leidende vrae:**

- ★ Hoeveel lekkers is daar op elke deksel?
- ★ Hoeveel meer/minder lekkers het julle op hierdie deksel as op daardie deksel?
- ★ Hoeveel lekkers het julle altesaam op albei deksels?



**Maak seker leerders kan:**

- die helfte in 'n groep identifiseer
- tot drie meer/drie minder; meeste/minste; baie/minder herken
- versamelings van kleinste tot grootste orden
- getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir getalle van 1–8 herken, by mekaar pas en in volgorde plaas
- probleme met getalle van 1–8 oplos

**Werkstasie 1**

 **WENK**

As hulle wil, kan leerders hul huisnommer of hul telefoonnommer op hul koevert skryf of kopieer nadat hulle die aktiwiteit voltooi het.

**Wat jy nodig het**

- Unifix-blokkies (*Hulpbronstel*)
- Veters vir ryg – 1 per leerder
- Koeverte met die leerders se name met 5 getalsimboolkaarte vir getalle van 1–8 in elk
- Viltpenne

Leerders ryg Unifix-blokkies op die veters volgens die getalkaarte in hul koevert.



## Werkstasie 2



### Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Sellofaan-/foelie-vierkante om speeldeeglekkers in toe te draai
- Per paar leerders:
  - 8 klein plastiek-ritssluitsakkies wat van 1–8 gemerk is
  - 8 blanko kaartjies
  - Potlode

Die pare leerders rol speeldeeg om lekkers te maak en draai dit toe. Hulle plaas die korrekte getal lekkers in elke sakkie en plaas die sakkies van 1–8 in volgorde. Hulle skryf die getalle van 1–8 en plaas dit in die bypassende sakkie.

## Werkstasie 3

### Wat jy nodig het

- 4 stelle getalsimboolkaarte vir getalle van 1–8

Leerders werk in pare. Hulle plaas die kaarte met die getalle na onder op die tafel en maak beurte om twee kaarte om te draai. As dit by mekaar pas, hou hulle dit. As dit nie pas nie, draai hulle die kaarte weer om en probeer vir hul volgende beurt memoriseer wat hulle gesien het.



## Werkstasie 4

### Wat jy nodig het

- Blomkoppe met getalle van 1–8 daarop
- 30 blomblare per leerder
- 'n Vel A3-papier
- Groen kryte

Leerders orden en plak blomkoppe van 1–8 op die papier. Hulle plak die korrekte getal blomblare om elke blomkop en teken 'n stingel met die bypassende getal blare.



# Assessering

Kwartaal 3: Voorbeeld van Verslag van Deurlopende Assesserings

Sleutel	GETALLE, BEWERKINGS EN VERWANTSKAPPE												OPMERKINGS									
	Tel voorwerpe: 1-10	Mondelinge tel: tel aan van 1-20 en verder	Tel terug: 10-1	Identifiseer getalsimbole: 6	Identifiseer getalsimbole: 7	Identifiseer getalsimbole: 8	Herken getalle in bekende kontekste	Vaslegging: 1, 2, 3, 4, 5	Vaslegging: een, twee, drie, vier, vyf	Identifiseer en beskryf telgetalle 1-8	Vergelyk getalle: groot - klein; groter - kleiner; grootste - kleinste	Orden (plaas in volgorde) getalle van kleinste tot grootste en van grootste tot kleinste		Verstaan ordinale getalle: eerste, tweede, derde, vierde en vyfde, laaste, volgende	Los probleme met konkrete voorwerpe op: 1-8	Los probleme op deur tellers of getalleleer te gebruik: 1-8	Tel op en trek af deur konkrete voorwerpe te gebruik: 1-8	Oonderskei tussen meer as, minder as en gelyk aan	Herken die Suid-Afrikaanse munte en banknote: 10c, 20c, 50c, R1, R2, R5, R10, R20, R50, R100, R200	Identifiseer die Suid-Afrikaanse munte en banknote: 10c, 20c, 50c, R1, R2, R5, R10, R20, R50, R100, R200	Finale kodering	
Leeders se name																						
Datum																						
✓ = bevoeg																						
● = gedeeltelik bevoeg																						
✗ = nog nie bevoeg nie																						

Sleutel	PATRONE, FUNKSIES EN ALGEBRA	RUIJTE EN VORM (MEETKUNDE)	METING	DATAHANtering	OPMERKINGS
<p>✓ = bevoeg</p> <p>● = gedeeltelik bevoeg</p> <p>✗ = nog nie bevoeg nie</p>	<p>Identifiseer eenvoudige herhalende patrone</p> <p>Kopieer en brei eenvoudige herhalende patrone uit</p> <p>Skep eie patroon met prente</p>	<p>Volg rigtingaanwysings: vorentoe en agtertoe; links en regs</p> <p>Beskryf, sorteer en vergelyk 3D-voorwerpe volgens ooreenkomste en verskille</p> <p>Beskryf, sorteer en vergelyk 2D-vorms volgens ooreenkomste en verskille</p> <p>Herken en pas kruising van die middellyn toe</p>	<p>Meet en vergelyk voorwerpe volgens lengte, massa en kapasiteit/volume</p> <p>Onderskei tussen groot, groter, grootste en klein, kleiner, kleinste</p>	<p>Versamel voorwerpe volgens groottes</p> <p>Sorteer versamelings voorwerpe</p> <p>Stel versamelings voorwerpe voor</p> <p>Analiseer data deur vrae te gebruik</p> <p>Bespreek gesorteerde versamelings voorwerpe en doen verslag daaroor</p>	<p>Finale kodering</p>
<p>Leeders se name</p> <p>Datum</p>					

# Hulpbronne

## Liedjies, rympies en stories

### Week 1

#### Rympie: *Dis patroontyd*

Dis patroontyd,  
Dis patroontyd,  
Ek roer my lyfie, kom roer nou joune.  
Roer jou hande.  
Roer jou voete.  
Staan op, gaan sit, doen iets knap.  
Hier kom nou 'n nuwe patroon. Wat gaan jou lyfie doen?  
Klap jou hande,  
Stamp jou voete, doen iets knap.  
Hier kom nou 'n nuwe patroon. Wat gaan jou lyfie doen?  
Spring in die lug,  
Hop op een voet, doen iets knap.

### Week 2

#### Liedjie: *Ses klein eendjies*

Ses klein eendjies gaan waggel op 'n dag ver, ver weg, toe word dit amper nag.  
Pappa Eend sê: "Kwaak, kwaak, kwaak," en vyf klein eendjies waggel terug baie vaak.  
*(Herhaal vir vyf, vier, drie, twee)*  
Een klein eendjie gaan waggel op 'n dag ver, ver weg, toe word dit amper nag.  
Pappa Eend sê: "Kwaak, kwaak, kwaak," maar geen klein eendjies waggel terug baie vaak.  
Pappa Eend gaan waggel op 'n dag ver, ver weg, toe word dit amper nag.  
Pappa Eend sê: "Kos is in die bak," en die ses klein eendjies waggel terug ewe mak.

#### Storie: *Getal 6-storie (met patroontemplant vir Getal 6-fries)*

Toe kom die ses Eende. Hulle is 'n familie. Daar is 'n pappa, 'n ouma, 'n oupa, 'n tante en twee klein eendjies. Dit beteken daar is vier groot eende en twee baba-eendjies in die familie van ses.

Die getalsimbool 6 en die getalnaam ses kom op die voordeur van die huis waar almal dit kan sien. En daar kom ses deurklokkies op die voordeur.

Die Eende bou nie 'n dammetjie in hul sitkamer nie, ook nie in hul badkamer nie, al is hulle baie lief vir swem. Hulle verkies om na die stroom naby hul huis te waggel. Hulle doen dit, want daar is baie insekte naby die stroom, en so kan hulle in die water en op die wal van die stroom kos soek. Die pappa maak seker die baba-eendjies eet elkeen ses kewers vir ontbyt, ses naaldekokers vir middagetete en ses muskiete vir aandete. Die groot eende eet meer as dit, want hulle moet meer eet om hul mae vol te maak.

Die Eende hou 'n partytjie om hul nuwe huis te vier. Al die diere kom. Een Olifant van huis nommer 1, twee Sebras van huis nommer 2, drie Meerkatte van huis nommer 3, vier Kameelperde van huis nommer 4, en vyf Apies van huis nommer 5. Hulle bring almal hul eie kos, want hulle hou nie almal van insekte nie.

### Week 3

#### Liedjie: *Sewe groenbont paddatjies*

Sewe groenbont paddatjies  
Sit op 'n groenbont stomp  
En smul aan die sappigste vliegies.  
Een spring in die poel,  
Want dis so heerlik koel  
Nou's daar ses groenbont paddatjies.  
Gloeg-gloeg.  
*(Herhaal met ses, vyf, vier, drie, twee, een)*  
Nou's daar geen groenbont paddatjies.  
Gloeg-gloeg.



## Storie: *Getal 7-storie (met patroontemplaat vir Getal 7-fries)*

Nou kom die sewe Paddas. Hulle is maats met die ses Eende, wat vertel hoeveel pret hulle in hul nuwe huis het. Die Eende nooi die Paddas om hul bure te wees. Die Paddas het plek nodig om te spring sonder dat hulle hul koppe teen die mure of plafonne stamp, en elkeen wil hul eie kamer hê. Hulle spring op en af en kyk binne rond. Hulle besluit dat daar genoeg ruimte is om gemaklik te wees omdat hulle kleiner as al die ander diere in huise 1 tot 6 is.

Die getalsimbool 7 en die getalnaam sewe kom op die voordeur van die huis waar almal dit kan sien. En daar is sewe deureklokkies op die deur. Die sewe Paddas gebruik nie altyd die voordeur nie, want hulle verkies om by die vensters in en uit te spring. Hulle geniet dit om te kyk wie die hoogste kan spring.

Hulle wil 'n groot bad in elkeen van die sewe slaapkamers hê, sodat hulle kan swem wanneer hulle wil. Hulle bou ook 'n dammetjie in hul sitkamer. Daar is sewe lelieblare sodat elkeen 'n plek het om te sit. Toe die ander diere hulle kom welkom heet, vind hulle al sewe Paddas aan die swem in hul binnenshuise dammetjie in hul sitkamer.

Langs elk van die sewe lelieblare is 'n pragtige geel blom waarna die ander diere dikwels kom kyk.

## Liedjie: *Een klein, twee klein*

Een klein, twee klein, drie klein vingertjies  
Vier klein, vyf klein, ses klein vingertjies  
Sewe klein, agt klein, nege klein vingertjies  
Tien klein vingertjies almal saam.

## Week 4

### Liedjie: *Dit is 'n reghoek*

(Op die wysie van *B-I-N-G-O*)

Daar is 'n vorm met vier sye,  
Maar dis nie 'n vierkant nie, NEE!  
Dit is 'n reghoek,  
Dit is 'n reghoek,  
Dit is 'n reghoek,  
Dis nie soos 'n vierkant nie, NEE!

Twee sye is lank,  
Twee sye is kort,  
Hulle is nie ewe lank nie, NEE!  
Dit is 'n reghoek,  
Dit is 'n reghoek,  
Dit is 'n reghoek,  
Die sye is nie ewe lank nie, NEE!

### Liedjie: *Kom ons dans*

Kom ons dans in 'n kring,  
Kom ons dans en ons spring,  
Kom ons dans in 'n kring,  
Want dit sal vreugde bring.  
Sit eers jou regterhand in,  
Haal dan jou regterhand uit,  
Skud, skud, skud nou jou regterhand uit,  
En draai om en om.

Kom ons dans in 'n kring,  
Kom ons dans en ons spring,  
Kom ons dans in 'n kring,  
Want dit sal vreugde bring.  
Sit eers jou linkerhand in,  
Haal dan jou linkerhand uit,  
Skud, skud, skud nou jou linkerhand uit,  
En draai om en om.

Kom ons dans in 'n kring,  
Kom ons dans en ons spring,  
Kom ons dans in 'n kring,  
Want dit sal vreugde bring.  
Sit eers jou regtervoet in,  
Haal dan jou regtervoet uit,  
Skud, skud, skud nou jou regtervoet uit,  
En draai om en om.

Kom ons dans in 'n kring,  
Kom ons dans en ons spring,  
Kom ons dans in 'n kring,  
Want dit sal vreugde bring.  
Sit eers jou linkervoet in,  
Haal dan jou linkervoet uit,  
Skud, skud, skud nou jou linkervoet uit,  
En draai om en om.

Kom ons dans in 'n kring,  
Kom ons dans en ons spring,  
Kom ons dans in 'n kring,  
Want dit sal vreugde bring.  
Spring met jou hele lyfie in,  
Spring met jou hele lyfie uit,  
Skud, skud, skud nou jou hele lyfie uit,  
En draai om en om.

## Week 5

### Liedjie: Een olifant het gaan stap

(Op die wysie van *Five little elephants*)

Een olifant het gaan stap  
En beland toe op 'n spinnerak.  
En toe hy weer op sy voete land  
Roep hy sowaar nog 'n olifant.  
Twee olifante het gaan stap  
En beland toe op 'n spinnerak.  
En toe hul weer op hul voete land  
Roep hulle nog 'n olifant.  
Drie olifante het gaan stap  
En beland toe op 'n spinnerak.  
Die spinnerak kraak, die spinnerak kreun  
En hulle hardloop terug dat die aarde dreun.

## Week 6

### Rympie: Agt klein muisies

Agt klein muisies skarrel deur die huis,  
Agt klein muisies, vir speel is hulle reg.  
Maar een groot kat vang 'n muis  
Sewe klein muisies skarrel gou-gou weg!  
(Herhaal vir sewe, ses, vyf, vier, drie, twee)

Een klein muisie skarrel deur die huis,  
Een klein muisie, vir speel is hy reg.  
Maar een groot kat loer na die muis  
Die muisie sê gou: "Jou nare boelie, gaan weg!"

### Storie: Getal 8-storie (met patroontemplant vir Getal 8-fries)

Toe kom daar agt Muisie. Die getalsimbool 8 en getalnaam agt kom voor op die huis waar almal dit kan sien. En daar is agt deureklokkies teen die deur. Die Muisie knaag agt gaatjies in die houtvloere in hul kamers en grawe ondergrondse tunnels sodat hulle uit hul agt slaapkamers by die huis kan in- en uitgaan.

Omdat hulle so klein is, het hulle nie groot slaapkamers nodig nie. Hulle is gewoon daaraan om in die veld te bly omdat hulle veldmuisie is, maar is opgewonde oor die plan om in 'n nuwe huis langs die Paddas te woon. Hulle bou 'n groot sitkamer omdat hulle graag dans en partytjies hou. Elkeen bespeel 'n instrument. Een bespeel die klavierbord, een 'n kitaar, een 'n viool, een 'n fluit, een 'n trompet, een 'n marimba en twee speel trom. Daar is dus agt instrumente in die huis. Die ander diere hou daarvan om te luister hoe die agt Muisie hul agt instrumente bespeel. Soms stamp die diere hul voete en hoewe op die maat van die musiek.

## Week 7

### Rympie: Vyf klein worsies

Vyf klein worsies sis in die pan. (Hou vyf vingers op)  
Die olie word warm en een skiet, BAM! (Klap)  
(Herhaal vir vier (vier vingers), drie (drie vingers), twee (twee vingers), een (een vinger))  
Geen klein worsies sis in die pan. (Hou vuus op)  
Die pan word warm en dit skiet, BAM! (Klap)

### Storie: Babalwa se hoed

Somer is Babalwa se gunstelingtyd van die jaar. Sy hou baie van die warm weer en om in die park te gaan speel. Vandag vat Babalwa se mamma haar om 'n hoed te gaan koop om haar vel teen die warm son te beskerm. Babalwa hou baie daarvan om te gaan klere koop. Kom ons gaan saam met haar en haar mamma op hul inkopietog en kyk na al die verskillende hoede wat te koop is.

In die winkel is daar oral hoede – hoede hoog opgestapel op elke rak, hoede met verskillende vorms, hoede in verskillende kleure. Babalwa pas baie hoede op. Sy hou van die slaprandhoed met groot blomme, maar sy kan nie 'n kleur kies nie. Kom ons help haar om te kies watter hoed om te koop. Watter kleur hoed moet sy kies? Watter hoed sou jy kies?

## Week 8

### Rympie: *Uit op 'n leeu jag*

*(Klap op bobene om ritme te hou)*

Uit op 'n leeu jag,

Ons gaan 'n grote vang!

Wat 'n lieflike dag!

Ons is glad nie bang!

O, gits! Gras!

Lang, ruie gras.

Ons kan nie bo-oor! *(Skud kop)*

Ons kan nie onderdeur! *(Skud kop)*

Dan maar reguit deur! *(Knik kop)*

Swiesj, swoesj, swiesj, swoesj, swiesj, swoesj.

*(Vryf hande saam)*

Uit op 'n leeu jag,

Ons gaan 'n grote vang!

Wat 'n lieflike dag!

Ons is glad nie bang!

O, gits! 'n Rivier!

'n Wye, diep rivier.

Ons kan nie bo-oor! *(Skud kop)*

Ons kan nie onderdeur! *(Skud kop)*

Dan maar reguit deur! *(Knik kop)*

Sliep, slop, sliep, slop, sliep, slop. *(Stamp voete*

*asof julle deur water stap)*

Uit op 'n leeu jag,

Ons gaan 'n grote vang!

Wat 'n lieflike dag!

Ons is glad nie bang!

O, gits! Modder!

Taai, slymerige modder.

Ons kan nie bo-oor! *(Skud kop)*

Ons kan nie onderdeur! *(Skud kop)*

Dan maar reguit deur! *(Knik kop)*

Sloesj, sloesj, sloesj, sloesj, sloesj, sloesj. *(Lig voete*

*stadig op asof julle deur modder loop)*

Uit op 'n leeu jag,

Ons gaan 'n grote vang!

Wat 'n lieflike dag!

Ons is glad nie bang!

O, gits! 'n Woud!

'n Diep, donker woud.

Ons kan nie bo-oor! *(Skud kop)*

Ons kan nie onderdeur! *(Skud kop)*

Dan maar reguit deur! *(Knik kop)*

Struikel, strompel, struikel, strompel, struikel,

strompel. *(Maak of julle struikel)*

Uit op 'n leeu jag,

Ons gaan 'n grote vang!

Wat 'n lieflike dag!

Ons is glad nie bang!

O, gits! 'n Grot!

'n Groot, gitswart grot.

Ons kan nie bo-oor! *(Skud kop)*

Ons kan nie onderdeur! *(Skud kop)*

Dan maar reguit deur! *(Knik kop)*

Tippe-tappe, tippe, tippe-tappe toe. *(Loop op die plek op julle tone)*

Wat's dit? *(Strek hande voor julle uit en maak of julle iets voel)*

Een blink, nat snoet!

Twee wollerige ore!

Twee groot oë!

DIS 'N LEEU! *(Gooi hande in die lug)*

Gou! Terug deur die grot!

Tippe-tappe, tippe, tippe-tappe toe. *(Loop vinnig op julle tone)*

Terug deur die woud!

Struikel, strompel, struikel, strompel, struikel, strompel. *(Maak of julle vinnig struikel)*

Terug deur die modder!

Sloesj, sloesj, sloesj, sloesj, sloesj, sloesj. *(Loop vinnig deur die modder)*

Terug deur die rivier!

Sliep, slop, sliep, slop, sliep, slop. *(Plas vinnig deur die water)*

Terug deur die gras!

Swiesj, swoesj, swiesj, swoesj, swiesj, swoesj. *(Vryf hande vinnig saam)*

Kom by die voordeur.

Maak die deur oop. *(Maak of julle die deur oopmaak)*

Op met die trap. *(Maak of julle met die trap op hardloop)*

O, nee, die deur is nog oop!

Af met die trap. *(Maak of julle met die trap af hardloop)*

Maak die deur toe. *(Maak of julle die deur toemaak)*

Terug op met die trap. *(Maak of julle met die trap op hardloop)*

In die slaapkamer in.

Spring in die bed. *(Gaan sit op die vloer)*

Onder die komberse. *(Maak of julle jul koppe toetrek)*

Nooit gaan ons weer op 'n leeu jag nie!

## Week 9

### Rympie: Ruimteskip

Gou, in die ruimteskip  
Gou, in die ruimteskip  
Ons reis na die maan  
Maak gou en maak klaar  
Ons wentel in 'n baan  
Sit op jou helm, maak jou gordel vas  
Nou begin ons aftel  
Ek wens dat ons al weg was!  
10-9-8-7-6-5-4-3-2-1 WEG IS ONS!

## Week 10


### Liedjie: Agt olifante

Een klein olifant loop voetjie vir voetjie,  
Oor 'n snaarstyf tou.  
Hy dink dit is 'n grote grap en laat ander diere  
nader stap.  
Twee klein sebras loop voetjie vir voetjie,  
Oor 'n snaarstyf tou.  
Hulle dink dit is 'n grote grap en laat ander  
diere nader stap.  
Drie klein meerkatte loop voetjie vir voetjie,  
Oor 'n snaarstyf tou.  
Hulle dink dit is 'n grote grap en laat ander  
diere nader stap.  
Vier kameelperde loop voetjie vir voetjie,  
Oor 'n snaarstyf tou.  
Hulle dink dit is 'n grote grap en laat ander  
diere nader stap.  
Vyf klein apies loop voetjie vir voetjie,  
Oor 'n snaarstyf tou.  
Hulle dink dit is 'n grote grap en laat ander  
diere nader stap.

Ses klein eendjies loop voetjie vir voetjie,  
Oor 'n snaarstyf tou.  
Hulle dink dit is 'n grote grap en laat ander  
diere nader stap.  
Sewe klein paddatjies loop voetjie vir voetjie,  
Oor 'n snaarstyf tou.  
Hulle dink dit is 'n grote grap en laat ander  
diere nader stap.  
Agt klein muisies loop voetjie vir voetjie,  
Oor 'n snaarstyf tou.  
Skielik breek die tou morsaf en al die diere val,  
*ka-daf!*


### Speletjie: Ek skryf vir my maat 'n brief

Een speler loop buite-om die kring met  
'n koevert.  
Die klas sê:  
*"Ek skryf vir my maat 'n brief, maar dit val uit  
my sak.  
Een van julle tel dit op en sit dit in jou sak.  
Dis nie jy nie, dis nie jy nie, dis nie jy nie ..."*  
Wanneer die speler besluit agter wie hy of sy  
die koevert wil laat val, tik hy daardie persoon  
op die kop en sê: *"Dis jy!"*  
Hulle hardloop dan om die kring. Die een wat  
die koevert opgetel het, jaag die een wat dit  
neergegooi het. Die een wat dit neergegooi het,  
probeer om op die ander een se leë sitplek te  
gaan sit voordat hy of sy gevang kan word.  
As die persoon gevang word, moet hy of sy in  
die middel van die kring gaan sit.  
Die nuwe persoon wat die koevert vashou  
begin buite-om die kring loop terwyl die klas die  
woorde: *"Ek skryf vir my maat 'n brief ..."* sê.  
Die speletjie gaan so voort.





ses


6



7




sewe




8


agt



# Speeldeeg-patroontemplaat: Getal 6





ses




# Speeldeeg-patroontemlaat: Getal 7




sewe


# Speeldeeg-patroontemplaat: Getal 8




agt





## Vorm-boek (Week 4)


1. Vou 'n vel A4-papier in agt dele deur dit drie keer in die helfte te vou. Vou oop.




2. Vou die papier weer in die helfte.




3. Knip op die middelste vou, soos in die diagram getoon word.















4. Hou die bladsy tussen jou vinger en duim aan albei kante sodat die middelste dele van die bladsy aan mekaar raak. Bring jou hande na mekaar toe, soos die pyle aandui.




5. Voltooi die boekie deur die bladsye plat te vou, soos getoon word.






# Bingo-bord met vorms (Week 8)



		
		
		
		

# Skilpad (Week 9)



Banknote (Week 9)





# Legkaart met agtien stukke

